2024

# Waaroor gaan die Bybel?

DAAR IS NET EEN BOODSKAP

WANT, DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE…

# Hoofstuk 1 – Die kronologie…

Waaroor gaan die Bybel? Baie goed word herhaal en baie goed weet ons, maar dit is só belangrik om die perspektief te kry en dit dan te behou, sodat jy die wedloop kan voleindig. Die satan is nie klaar met jou as jy weer gebore is nie, hy spits hom juis dan toe op jou om jou te kry om dit te verloor wat jy het. Die Woord is herhaling. Wat jy gaan lees in Jesaja gaan jy lees in Jeremia, gaan jy lees in Eségiël, gaan jy lees in Daniël, gaan jy lees in Openbaring, gaan jy lees in die ander profete, gaan jy lees in die evangelies – maar daar is net een boodskap, en dit word herhaal. Hoekom word dit herhaal? Want ons snap so moeilik. Jy lees iets en dit gaan by jou verby en môre hoor jy dieselfde ding op 'n ander plek, en dit gaan by jou verby, en oormôre is jy betrokke in 'n geselskap en dit kom weer op, en dit gaan by jou verby, en een aand lees jy die Woord in jou huis en jy sien *wat staan hier?* Dan is dit dalk die vierde keer dieselfde week wat jy dit lees en daar sink dit in, jy sien *dit is wat hier staan* – en dit is hoekom ons herhaal. Dit is hoekom ons oor en oor lees en luister, want ons het nie die vermoë om die Woord te lees en daar het jy dit nie – jy kan nie. Die Woord is bomenslik en Vader openbaar dit in ons deur Sy Gees. Dit vat tyd en ons beweeg stadig, en ons is beïnvloed, en ons is so vergiftig met buite gedagtes dat ons nie sien wat Hy vir ons sê nie – en daarom herhaal ons.

So, wees geduldig as goed herhaal word wat jy reeds weet, want daar is mense wat dit nie weet nie.

Daar is vyftig-duisend denominasies van Christen gelowe en elkeen loop met die Bybel onder sy arm en sê *dit is wat die Bybel sê*. Hoe kan daar vyftig-duisend opinies van een boek wees? En binne daai vyftig-duisend denominasies verskil hulle ook nog met mekaar en dan kom iemand soos ek en sê: *nee, maar ek weet wat daar staan*. As daar so baie opinies is en almal is verkeerd, hoe kan ek reg wees? Is dit moontlik? Ja, dit is moontlik. Hoe? Vader sê as jy My soek met jou hele hart, sal jy My vind. Met 'n hele hart beteken onvoorwaardelik. Ek stel nie die voorwaardes nie. Ek sê nie *Vader, openbaar U Bybel aan my, maar net solank dit inpas met my kerk-lering of met my opvoeding of met my sieninge of met my oorleweringe – pas net U Woord aan by hoe ek dit verstaan; ek wil hê dit moet sin maak vir wat ek glo. Ek het reeds my geloof – wys net vir my in U Woord dat my geloof waar is*. Jy gaan blind bly.

Die Bybel is ‘n ander wêreld. Ons kom uit die duisternis, ons is vol leuens, vol oorlewering en oortuigings wat nie die waarheid is nie – ons is vol van dit. Niemand bedink dit nie, want ons is vol van dit – dit is al wat in jou is. Dan ontmoet jy Vader, en jy begin Sy Woord lees – jy moet van al daai ou gemors ontslae raak om Sy Woord te kan sien. Jy kan nie met die oorlewering van iemand en iets gaan en die Woord ondersoek om te kyk wat in die Woord staan nie, want jy gaan lees wat jy wil hê daar moet staan. As ek in 'n kerk grootword en ons is nou al vyf-honderd jaar oud geslagte in daai kerk en ek lees die Bybel, dan wil ek hê die Bybel moet sê wat my kerk bely – dit is net die natuur van die mens. Jy moet dit beskou as drek. Hoekom? Om die uitnemendheid van Christus te verkry – jy móét dit doen. Jy moenie omgee wie wat sê nie. En ons gee om… *My pa is klaar dood en het het hom nie laat doop nie, wat gaan van hom word?* Wat maak dit met jou saak? Dit was jou pa se lewe gewees. Hy het sy lewe gelei. Dit is nou jy. *Maar as my pa nie gered is nie, dan wil ek ook nie* – nou goed, gaan dan hel toe… Dit is eintlik maar hoe hard dit is. Ons het hierdie keuses; *Omdat my tannie nie kan nie, gaan ek ook nie; omdat my pa in die vuur gespring het, wil ek ook in die vuur spring* – nou spring.

Ons probeer God manipuleer – ons het nie ‘n idee wie Hy is nie. Dit is onmoontlik om Hom te manipuleer. Gaan buitekant toe en soek die grootste berg wat jy kan kry en dan probeer jy hom skuif – stoot hom dat hy so bietjie dié kan toe staan en kyk of jy dit regkry. Daai berg weet nie eens van jou nie, maar ons wil God manipuleer. Jy kan nie. Hy is wat Hy is. Ons kan by Hom aansluit of verlore gaan, en dit is dit. As iemand nog enigsins kom met *ja, maar my kerk sê dit* – jy sal niks sien nie, jy sal die kerk sien. Jy sal die kerk-leerstellings sien, want die eerste ding wat jy gaan lees wat Vader vir jou wil openbaar, gaan jy na jou predikant toe hardloop en sê: *kyk wat staan hier;* en dan gaan hy vir jou sê: *nee, maar dit is eintlik dat* – en hy roof die waarheid van jou af weg. Self gaan hy nie in nie, en hy verhoed dat jy kan ingaan. Maak ‘n keuse, wat wil jy hê? As jy dan nie die koninkryk van God wil beërwe nie, hoekom hou jy jou besig met Sy Woord? Gooi dit weg en gaan leef jou lewe… Óf, gooi alles weg en vind Hom. Hy wat sy lewe vind, sal dit verloor, maar hy wat sy lewe om Christus wil verloor, sal dit vind – dit is ‘n voorwaarde.

Nou waaroor gaan die Bybel? As ons die Bybel lees, wat wil ons daarin sien? Baie mense sal sê: *ek wil gered word, ek wil hemel toe gaan*. Goed, is dit waaroor die Bybel gaan? Ja, dit ook, maar waaroor gaan dit kardinaal? Die Bybel gaan net oor die

herstel van die skepping van God wat verwoes lê en ons as mens vorm net 'n deel daarvan. Die Bybel gaan nét oor die herstel van die skepping van God wat verwoes lê. Kyk net om jou rond. Is dit mooi, is dit lekker, is dit vreugdevol? As jy vyf minute in ‘n dag kan kry wat lekker is, was dit 'n goeie dag; dit lê verwoes, en ons as mens vorm net 'n deel daarvan. Die Bybel gaan nie oor die verlossing van die mens nie. Die Bybel gaan oor die herstel van die skepping van God – dit is die wegtrekpunt. As jy nie daar wegtrek nie, gaan jy nie by die eindpunt uitkom nie – jy moet dit weet.

As jy wil weet waaroor gaan die Bybel, moet jy weet dit gaan oor die herstel van die skepping van God. Indien die sondeval nie plaasgevind het nie, dan was daar nie 'n Bybel nie – dink 'n bietjie daaroor. Daar sou ook nie 'n uitverkiesing gewees het nie en daar sou ook nie 'n Ou Testament en 'n Nuwe Testament gewees het nie; selfs nie 'n verlossingsplan nie. As Adam nie ingestem het tot sonde nie, was daar nie ‘n Bybel nie. So, hoekom is daar ‘n Bybel? Om te herstel wat verkeerd gegaan het. Die enigste rede waarom haar dus 'n Bybel is, is ter wille van die herstel van dit wat verkeerd gegaan het in die Paradys. As jy dit nie geweet het nie, dan weet jy dit nou. As jy dit geweet het maar vergeet het, onthou dit. As jy die Bybel lees, maak nie saak waar jy lees nie, dit is waaroor dit gaan: die herstel van die koninkryk van God.

In die begin toe God die hemel en aarde gemaak het, het Hy gesê dat dit goed was, maar nou sien ons nie dat dit goed is nie – dit is sleg, baie sleg.

Génesis 1:31 Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag.

…*en—dit was baie goed* – wat verwag ons as goed? As die Perfekte, Volmaakte, Almagtige God iets gemaak het, wat is die standaard wat ons verwag as Hy sê dit is goed? Ons verwag volmaak-perfek, maar wat sien ons? Dit is amper so goed ons bly op 'n asgat. Het Hy dít gemaak? Hierdie hemel en aarde soos ons dit vandag ken, is nie 'n goeie getuienis van die Skepper nie, want dit is nie 'n goeie skepping nie. Ons is bang om dit te bedink, maar dit is wat dit is. Hy skep en Hy sê *dit is baie goed*. En ons kyk en ons sien: *dit lyk nie vir my baie goed nie*. Wat dink ons van Hom? Ons dink Sy standaard is baie laag. Ons dink Hy is met min tevrede. Ons dink daar is 'n bietjie boosheid in Hom, want die wêreld is boos. Ek sê dit alles met baie versigtigheid en eerbied, net om ‘n punt te laat.

Die skepping soos ons dit nou sien is 'n vervalle skepping en die Bybel gaan oor die herstel daarvan.

Psa 90:10 Die dae van ons jare—daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar; en die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet; want gou gaan dit verby, en ons vlieg daarheen.

So, dit is nie net ek wat sê dit is ‘n slegte wêreld nie. Hier is Moses se woorde, hy sê dit is 'n slegte plek – dit is moeite en verdriet. Gaan kyk na die geloofshelde se lewens, dit was moeite en verdriet – maar God sê dit was goed gewees. Die goeie nuus is: Hy laat dit nie in so 'n toestand nie, want Hy gaan dit herstel en dit is waaroor die Bybel gaan. Die Bybel gaan nie oor my nie en die Bybel gaan nie oor jou nie – dit gaan oor God. Dit gaan oor Sy skepping wat geval het as gevolg van Adam wat gesondig het en Hy gaan dit herstel. Saam met daai val het ek en jy geval – en ons is deel van die opheffing. Ons is net 'n deel daarvan. As ek die Bybel lees, draai dit nie om my nie. Mense doen dit. Ons gaan haal verse orals uit en ons gaan plak dit op ons kaste en ons deure en dit is *vir my, ek, die mens* – waar is God, die Almagtige? Omdat die Skepper volmaak is en alles wat Hy skape volmaak is, is die huidige skepping 'n ontheiliging van Sy Naam. Wat is Sy Naam? EK IS VOLMAAK. Ons kyk na die skepping en dan sê ons: *is U rérig volmaak?* Ons kyk na die skepping en sien dit is 'n ontheiliging van Sy naam.

Die kroon van Sy skepping, naamlik die mens, is verdoem tot die ewige dood en die aarde is vervloek deur die Skepper en bring distels en dorings voort. Is die ‘n volmaakte skepping? Kan Vader in die heelal roem oor sy skepping? Menslik gesproke praat Hy nie daaroor nie. Dit is soos jou broer in die tronk, hy is daar, maar jy praat nie daaroor nie. Hy het die skepping, maar dit is nie Sy Naam tot eer nie. Hy kan dit nie op Sy verwysings sit en sê *kyk wat se Almagtige God is ek* nie – ek praat mensliksgewys, maar dit is die realiteit en dit is waarom Vader dit gaan herstel. Die hemelwesens van die heelal kyk na die skepping en is bewus dat dit nie die beeld van God is nie en wonder wat Hy gaan doen om dit te herstel – dit is 'n realiteit. Weereens, as ons die Bybel lees dan is dit *ek, dit gaan oor my* – besef ons daar is hemelwesens? Daar is ‘n Almagtige Skepper. Daar is ander opinies wat nie van 'n mens af kom nie en hierdie hemelwesens ken die Almagtige. Weet hoe Hy skape. Weet hoe volmaak Hy is en hulle kyk na die aarde en sê *wat gaan hier aan? Het ons God dan 'n fout gemaak? Is Hy nie in staat om dit reg te maak nie?*

Maar hulle weet Hy is, en waar is dit beskryf? In die Boek. So, wanneer ek die Boek lees dan moet ek weet dit is waaroor dit gaan en ek is net 'n deel daarvan – dit is nie ek en alles draai om my nie. Dit is Hy en alles draai om Hom waarvan ek een van die goedjies is wat om Hom draai.

Die Amagtige is volmaak en hierdie skepping getuig nie van 'n volmaakte Skepper nie en die Bybel verklaar hoe Hy dit alles gaan herstel. Van vandag af wanneer jy die Bybel lees, dan kyk jy deur hierdie voorhangsel voor jou oë wat sê *dit gaan oor die herstel van dit wat verkeerd gegaan het*. Die Bybel word ongelukkig deur meeste mense aangewend as 'n middel om hulleself te bevoordeel, in plaas van om te sien wat dit sê oor die herstel van God se skepping. Ek is nou verby die punt wat ek om verskoning vra vir sulke opmerkings, want as jy nog deel van dit is, dan is daar nog vir jou geleentheid om daar uit te kom. As jy daar binne bly en jy dink dit gaan oor jou, jou organisasie, jou vermoë, wat jy bereik, wat jy bymekaar kan maak, dan is jy glad nie deel van herstelprogram van die Almagtige nie. Die herstel gaan plaasvind en jy staan buite dit. Jy gaan agterkom *ek het dit gemis, dit het gebeur, maar ek is nie deel daavan nie. Hoe het ek dit gemis, ek was dan in die kerk?* Jy was nie in Christus nie, want *ek lees die Bybel om te kyk wat se voordele dit vir my het, want God is my 'genie', Hy maak my lewe so maklik en voorspoedig as wat ek dit wil hê*. Nee, my voorspoed tel nul, niks. God het 'n groter prentjie en dit is die herstel van Sy Naam. Dit is die herstel van Sy koninkryk en ek kan kies of ek deel daarvan is en of ek 'n buitestaander is – *dit gaan toe nie oor my nie*.

Omdat die mense die Bybel selfsugtig lees, gaan die hele boodskap vir hulle oor hulleself en watter voordeel daar vir hulle in is. Die teendeel is dat dit meestal te doen het met God, Sy skepping en Sy herstel daarvan. Wanneer ons dus die Bybel lees, moet ons van onsself vergeet en sien wat dit van God sê en die herstelling van Sy skepping en van Sy Naam. Ons wil die Bybel lees en ons wil die Bybel verstaan, maar ons wil hê die Bybel moet sê wat ek glo. Hoor wat ek sê: *ek wil hê die Bybel moet sê wat ek reeds glo, en daarom gaan lees ek en ek soek verse wat motiveer wat ek glo*. Wat glo ek? Wat aan my oorgelewer is – *en nou gaan soek ek verse wat dit bevestig*. Hou op daarmee. Gooi dit by die venster uit. Gooi dit oor die maan sodat dit net weg is van jou en weet dit gaan oor die Almagtige, oor Sy skepping wat in 'n toestand is wat Hy gaan herstel. Ongeag wat ek glo, ongeag wat ek dink, ongeag wat ek sê, ongeag wat my deelname is, Hy gaan bereik waarmee Hy besig is, want Hy IS WAT HY IS. Ek is 'n niks. Ek is soos gras – ek is vandag hier, môre is ek weg. Vader is vir ewig en is alomteenwoordig – ek kan deel van Hom hê, of ek kan soos gras vergaan. Om my eie evangelie te hê wat my bevoordeel in alles, gaan vir my baie tydelike waarde wees.

Ons het voorafopgestelde idees van wat die evangelie is wat ons deur oorlewering gekry het ter wille van ons eie voordeel. Ons het voorafopgestelde idees van wat die evangelie is. Dit is wat 'n kerk is. Dit is 'n voorafopgestelde idee van wat die evangelie is wat ons deur oorlewering gekry het. Waar kom 'n kerk vandaan? Dit kom deur geslagte. Hoekom is hy daar? Ter wille van ons eie voordeel. As ek verkeerd is, bewys my asseblief verkeerd. Vandag bestaan daar duisende kerke en elkeen verkondig sy eie weergawe van die Bybel. Meestal ken hulle net 'n paar begrippe uit die Bybel en dit gaan gewoonlik oor die verlossing en die voorspoed van die mens en nie oor die eer van God se Naam nie. Meeste mense sal nie eers weet wat jy sê as jy vir hulle vra: *hoe moet God se Naam geheilig word?* Ons bid dit: *onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word*. Wat beteken dit? *Jy moet dit nie gebruik as jy vloek nie* – nee, dit is heelwat groter as dit. Dit is die evangelie.

Die bose kringloop is dat ware soekers na die waarheid in dieselfde slaggat trap en oorlewering van mense glo en nie die Bybel nie. Dit beteken iemand soek waarlik na die waarheid. Hy soek na God en hy soek na verlossing. Sy lewe word vir hom te moeilik en hy sê: *daar moet 'n God wees, ek wil verlos word uit hierdie omstandighede* – en hy gaan soek God. Waar gaan soek hy Hom? Ongelukkig by die oorlewering en hy beland in daai selfde 'loop' en daar gaan hy, al in die rondte en hy ontmoet nooit die Almagtige nie – jy is besig met 'n kerkisme. Omdat ons nie van die regte beginpunt af begin nie en nie weet waar die eindpunt is nie, gaan ons soos blinde mense rondtas en ons eie gevolgtrekkinge probeer maak uit 'n Boek waarvan ons geen kennis het nie. Dit beteken maar net ek klap die Bybel oop en ek begin lees; *ek weet niks. Ek weet nie waar is die beginpunt nie en ek weet nie waar is die eindpunt nie. Ek weet nie wat is die doel nie en ek weet nie wat moet gebeur nie. Ek weet net ek is in die moeilikheid en ek soek verlossing* – en ek het nooit agtergekom dat daar iets baie groter as ek daarin is nie.

1 Korinthiërs 15:34 Wees nugter op die regte manier, en sondig nie; want sommige het geen kennis van God nie. Ek sê dit tot julle beskaming.

Paulus praat hier met ons ook: *wees nugter op die regte manier, en sondig nie; want sommige het geen kennis van God nie*. Ons het kerke met duisende volgelinge en geen kennis van God nie. Ons gryp na verse wat ons beïndruk en weef dit dan saam

sodat ons vir onsself ‘n evangelie kan maak wat pas by dit wat ons wíl glo – en dit is regtig wat dit is. Ek lees nie 'n hoofstuk nie. *Ek vat net vier of vyf verse, of dalk een vers uit ‘n hoofstuk, ek skryf hom neer en dan gaan ek sommer na ‘n ander hoofstuk toe of 'n ander boek toe en ek lees en ek kry ‘n vers waarvan ek hou en ek skryf hom neer* - en ek het naderhand 20 verse, en uit dit uit maak ek vir myself ‘n evangelie. Moet dit nie doen nie! Lees die hele hoofstuk, maar lees ook die hele boek, maar lees ook die hele Bybel – kry die konteks. Sien waaroor dit gaan.

2 Petrus 1:16 Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit;

Kunstig verdigte fabels? Ek maak vir myself 'n fabel op, 'n storie, kunstig. En hierdie mense praat en hulle haal Skrif aan, maar dit is fabels. Dit is nonsens. Dit is mensgemaakte evangelies! Vlug weg vir dit! Elke individu van ons het die vermoë om weg te vlug en te sê *ek wil nie, ek wil nie deel van dit wees nie, ek wil weet wat is die waarheid!* God gaan Sy koninkryk herstel, en ek is of in, of ek is uit – dit is my keuse. Neem verantwoordelikheid vir jou eie geloof en besluit waar jy staan. Ons as mens speel nie die hoofrol in die Bybel nie en moet weet dat die Bybel nie primêr oor ons gaan nie. God het Sy koninkryk verloor - is iemand bereid om dit te sê? Almal sê *God is in beheer* – rêrig? En al hierdie verkragtings en kindermoord en mishandeling is aan die gang en God is in beheer? God is nie in beheer nie. Hy het Adam in beheer gestel. Adam moes orde handhaaf, Adam het self geval en die misdadigers is in beheer – hulle vier hoogty. Met die misdadigers is satan vooraan. God het Sy koninkryk verloor, Hy het Adam verloor, Hy het Sy nageslag verloor en Sy Naam is ontheilig – ons moet dit weet. Dit alles gaan Hy herstel en dit is waaroor die Bybel gaan: God het Sy koninkryk verloor, Hy gaan dit terugvat en dit is voor die deur, dit is enige dag.

Hy het Sy nageslag verloor. Dit is die nageslag van Adam en Eva - dit is Sy nageslag, Hy het dit verloor en hulle was vir ewig verlore – hulle sou almal hel toe gaan, maar Hy het dit herstel en Hy gaan nog Sy koningkryk op die aarde herstel en daardeur Sy Naam heilig – Hy gaan dit doen en dit is waaroor die Bybel gaan. Ons as mens is net deel daarvan. Die Bybel gaan nie oor die verlossing van die mens nie. Die Bybel gaan oor die herstel van die koninkryk van God waarvan die verlossing van die mens net ‘n deel is. Ons kan nie onsself in elke vers gaan lees nie. Dit is Sy verse, dit gaan oor Hom. Alles wat God doen word in geregtigheid gedoen en dit mag soms vir ons nie sin maak nie omdat ons nie al die inligting het nie. Hier is ‘n waarskuwing: ons lees die Bybel en ons sien *hierdie maak nie vir my sin nie, ek gaan dit verander*, en ons doen dit – ons verander dit sodat dit vir my sin maak. Jy kan nie, jy het nie al die inligting nie. Die feit dat ons nie saam met God stem nie, maak geen verskil aan Hom nie – Hy sal bereik dit wat Hy van plan is om te doen. Ons lees die Bybel, Hy sê sekere dinge, ons verander dit; ons sê *ja, maar...* en dan verander ons dit – dit maak geen verskil aan Hom nie, God sal bereik dit wat Sy plan is en Hy sal dit doen – ons is of deel daarvan, of nie.

Die oomblik as ek dit verander en ek sê *nee Vader, U kan nie daai pad loop nie, U moet hierdie pad loop* – Hy loop nie die pad wat ek aanwys nie, Hy loop Sy pad, maar ek loop nou 'n ander pad - wat beteken dit? Ek is nie saam met Hom nie. Vader gaan bereik dit waarmee Hy besig is en ek gaan nie deel wees daarvan nie, want ek het 'n ander pad gekies. As ek nou ‘n voorbeeld mag noem: Vader sê *Ek het net een volk uitverkies uit al die volke wat op die aarde is en Ek maak met húlle 'n verbond – hulle is die verbondsvolk en Ek maak met hulle die nuwe verbond – hulle is nog steeds die verbondsvolk, Ek maak net 'n nuwe verbond met hulle.* En wat sê almal?: *Nee Vader, U kan dit doen nie; die nuwe verbond is met al die mense op die aarde*. Jy loop jou pad, Hy loop Sy pad. Aan die einde gaan Hy Sy bestemming bereik en jy gaan nie daar wees nie – jy het ‘n ander pad gekies. Ons doen dit!

Ek gaan hierdie herhaal: alles wat God doen word in geregtigheid gedoen en dit mag soms vir ons nie sin maak nie omdat ons nie al die inligting het nie. As God sê *Ek maak die nuwe verbond met dieselfde volk* en jy verstaan dit nie, aanvaar dit net, want Hy sê dit. Wat is die presiese woorde:

Hebreërs 8:8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond tot stand sal bring,
Hebreërs 8:9 nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here.
Hebreërs 8:10 Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees.

Dit is dieselfde mense. Ek verstaan dit nie, dit pas nie in by die wêreld se opinie nie, ek verander dit: *Kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat Ek **met die hele wêreld** 'n nuwe verbond sal maak, nie soos die verbond wat ek met die huis van Israel en die huis van Juda gemaak het nie...* Dit is nie wat daar staan nie, maar dit is wat ek wil hê daar moet staan, nou verander ek dit. Intussen gaan God se verbond nog steeds deur die huis van Israel en die huis van Juda, maar ek is nie daar nie; ek het besluit dit is anders. God gaan nie verander nie, Hy is wat Hy is, Hy is doelgerig, Hy bereik dit wat Hy Homself voorgeneem het. Ek sê: *nee, Hy kan dit nie doen nie, ek verander dit* – al wat gebeur is, jy klim uit Sy bus uit. Sy bus gaan die eindbestemming bereik en ek sal langs die pad staan. Moet dit nie die doen nie!

Jesaja 51:5 My oorwinning is naby, my heil trek uit en my arms sal die volke oordeel; op My sal die eilande wag, en op my arm sal hulle hoop.

Daai 'My' is nie ek en jy nie, dit is Hý...

Jesaja 51:6 Slaan julle oë op na die hemel en aanskou die aarde daaronder; want die hemel sal soos rook verdwyn en die aarde soos 'n kleed verslyt en sy bewoners soos muskiete sterwe; maar my heil sal vir ewig bestaan en my geregtigheid nie verbreek word nie.

Wanneer jy die Bybel lees, weet met Wie jy te doen het. HY IS WAT HY IS. Hy is nie 'n mens nie, Hy is vêr bo ons. Hy sê die aarde gaan verslyt en wegraak en die mense sal sterwe soos muskiete – ons is die muskiete en ons skryf vir Hom voor? Jy kan nie.

Jesaja 55:8 Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE.
Jesaja 55:9 Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.

Wat is Sy weë? Dit is Sy doen en late, dit is waarmee Hy Hom besig hou, dit is wat Hy doen; dit is Sy weë. Ons het ook weë: ons staan op, ons borsel tande en kam hare en ons eet ontbyt en ons gaan werk toe, ens. – en dit is ons weë. Wat is Vader se weë? *Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes* – en tog lees ons die Bybel met 'n rooi pen en ons merk hom orals en ons trek dood en ons skryf oor. Ons gee 'n punt en ons sê *nee Vader, U was verkeerd hier...* Muskiete, ons is soos muskiete, en ons sê die Almagtige voor?

Kry die groter prentjie: ons lewe nou min of meer 6000 jaar na die skepping van hemel en aarde. Vir die laaste 6000 jaar is die skepping vervloek en in wanorde. Vir die eerste 2000 jaar blyk dit uit die geskiedenis volgens die Bybel dat God baie min belang het by dit wat op die aarde gebeur. Ons lees van Adam en Noag in die eerste paar hoofstukke, tog is dit 'n tydperk van 1600 jaar. Goed, die eerste 2000 jaar lyk dit of Vader glad nie betrokke is nie, dan daarna die tweede 2000 jaar maak Hy bemoeienis met die mens en dan die laaste 2000 jaar, waarin ons leef, is Hy absoluut betrokke. Dan kom daardie laaste duisend jaar en Hy gaan fisies hier wees.

In die eerste paar hoofstukke is die tyd van Adam en Noag, en tog is dit 'n tydperk van 1600 jaar. Gedurende hierdie tydperk van oënskynlike onbetrokkenheid van die Skepper word die aarde en sy mense oorrompel deur bose hemelwesens. Weet ons dit? Die eerste 1600 jaar was absolute chaos. Adam en Eva veroorsaak chaos en dan kom hierdie hemelwesens en hulle veroorsaak groter chaos. Hulle is vyande van die Skepper wat voor die skepping van hierdie hemel en aarde in vyandskap met die Skepper gegaan het deur van Hom afvallig te raak, deur die satan te gevolg het toe hy besluit het om sy troon gelyk te stel aan die van die Almagtige Skepper. Hoekom noem ek hierdie dinge? Sodat ons kan sien ons is die muskiete. Voor die skepping het hierdie dinge al gebeur – ons was nie eens daar nie en ons sê God voor. Hierdie was 'n rebellie en 'n oorlog waar geen mens by betrokke was nie – tog dink ons dat alles om ons draai en dat ons belangriker as God is. Nou sal almal dit dadelik ontken en sê *ek sien my nie belangriker as God nie.* Die oomblik as jy die Woord verander, ag jy jou belangriker as God. As jy jou rooi pen vat en jy trek dood in die Bybel en jy skryf *nee, nie Israel nie, maar kerk,* ag jy jouself belangriker as God. Jy merk Sý boek. Jy sê Hy is verkeerd, jy gee Hom 'n punt uit honderd. Hierdie rebellie en oorlog het al gebeur voor die skepping van die aarde. Hoe gering is ons nie? Muskiete...

Om te dink dat die hemelwesens vir hulleself vroue geneem het onder die kinders van die mens en by hulle kinders verwek het, half mens, half hemelwese. Dit was die tyd van die reuse op die aarde – ons weet nie eers daarvan nie. Hierdie 1600 jaar voor

die sondvloed het hierdie dinge gebeur. Wat het gebeur? Hemelwesens het vir hulle mens-vrouens gevat en hulle het met hulle gemeenskap gehad. Hulle het hulle swanger gemaak – daai vrouens het kinders voortgebring en daai kinders was half hemelwese, half mens – en hulle was reuse op die aarde. En hoe lyk God se skepping nou? Nog erger...

Génesis 6:1 Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is,
Génesis 6:2 sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het.

*en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het...* Ons kan nie eens dink dit is moontlik nie; 'n hemelwese vat 'n vrou en hê met haar gemeenskap, sy word swanger en sy bring 'n kind voort...

Génesis 6:3 Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar.
Génesis 6:4 In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam.
Génesis 6:5 Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,
Génesis 6:6 het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart.
Génesis 6:7 En die HERE sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het.

En dit is die toestand van God se skepping. Hy het dit mooi gemaak. Hy het gesê *dit behaag My, dit is goed* en Adam het gersondig en absolute chaos het gevolg. Die mens is nie die middelpunt van alles nie en die evangelie van die Bybel gaan nie primêr oor ons nie – dit is al die hoeveelste keer wat ek dit sê, maar het dit al ingegaan in ons harte? Het ons dit al besef? Dit gaan nie oor my nie. Ek is wel 'n deel daarvan – ek is deel van die verheerliking van die Almagtige wanneer Hy alles herstel, maar dit gaan nie oor my nie en ek het nie die reg om die Bybel te lees soos ek wil, en dit te interpreteer soos ek wil, en dit nog aan te pas soos ek wil nie. Ek kan nie. Net soos God volmaak en heilig is, is Sy Woord ook volmaak en heilig. Al wat ek moet doen, is ek moet Sy Woord bewaar; ek moet oplet na die mense wat dit wíl verander. Ek moet sê *nee, nie hier by my nie, ek en my huis sal Yahweh dien vir wie Hy is.*

Sy woord bly wat dit is. As jy 'n nuwe vertaling het, gaan jy en jou nuwe vertaling weg van my! Ek wil van jou niks weet! Dit is nie 'n vertaling nie, dit is 'n verdraaiing. Jy kan nie Vader se Woorde verander en sê *dit is nou beter nie.* Sy Woorde is wat dit is en die mens is nie die middelpunt van die evangelie nie. Dit gaan nie oor die mens nie.

As ons dinge in die Bybel sien waarvan ons nie hou nie en nie mee saamstem nie, verander ons dit, want ons dink ons is die belangrikste: *dit gaan mos oor my.* Ons verklaar dat die Bybel verkeerd is en blameer dit dan op vertalings, maar ons bewaar nie God se Woord nie, want ons het geen begrip waaroor dit gaan nie. Ons lees die Bybel, want dit gaan oor die mens; al wat belangrik is, is *hoe het dit op mý betrekking, watter voordeel hou dit vir mý in* – dit is al hoekom ek die Bybel lees. Dit is soos 'n familiefoto of 'n groepfoto by 'n troue of kamp, as jy daai foto sien, wie soek jy? *Waar is ek, waar is ek op die foto?...* As ek die Bybel lees, wat soek ek? *Waar is ek in hierdie Boek, waar gaan dit oor mý?* Volgende keer As jy die troufoto kyk, soek die bruid en die bruidegom, dit is hulle dag, dit gaan oor hulle. As jy die Bybel lees, gaan soek die Almagtige. Gaan soek Sy eer. Gaan soek Sy herstel van Sy koninkryk – dit gaan oor Hom. En op 'n stadium sal jy jouself ook op die foto sien, jy is ook daar, maar dit gaan die oor ons nie.

Ons sien vandag nog steeds getuienis van hierdie wesens wat lank voor ons op die aarde was. Die moderne mens verstaan byvoorbeeld nie waar die piramides vandaan kom nie, omdat ons vandag nog steeds nie die vermoë het om sulke geboue te bou nie. Elke ou wat 'n piramide ondersoek sal dit vir jou sê en nou kom hulle tot die snaakste gevolgtrekkings dat dit die Egiptenare was en wie weet wat nog alles nie. As vandag se Egiptenare dit nie kan doen nie, hoe kon die vorige Egiptenare dit doen? As ons die Bybel lees en verstaan dat hierdie reuse kragtig en sterk was en hulle het die hemelse kennis van hulle hemelwese-vaders af gekry, dan sal dit nie vir ons moeilik wees om te verstaan dat hierdie half mens, half hemelwese die vermoë gehad het om al hierdie onverklaarbare bouwerk waaroor ons elke dag wonder hoe dit gebeur het, te kon doen nie – jy

sal dit net sien. As jy na Easter Island kyk en jy sien daai beelde (en hierdie eilande is duisende kilometer van die naaste vasteland af en daai beelde kom nie van daai eiland af nie) hoe het dit daar gekom? Hulle is massief groot, hulle weeg tonne! Hulle kon nie met skippies aangery word nie, dit sou die skippies sink; dan sien jy Génesis 6, dit is hoe dit gebeur het, daar was hemelwesens. En nou begin so baie dinge net sin maak. Ek hoef nie die Bybel te verander nie. God sê die sondvloed was oor die hele aarde, ek verander dit en sê *dit is onnodig om oor die hele aarde te wees, dit was oor die bekende aarde, want ek weet beter as God.* Hoeveel keer sê Hy oor die hele aarde? Ek dink ses keer sê Hy *en die hele aarde was onder die water.* Hoekom? Want hierdie wesens was oor die hele aarde, hulle was nie oor die bekende aarde nie; hulle was op Easter Island. Hulle was 'n Mexico – hoe weet ek dit? Die piramides is daar. Hulle was in China – hoe weet ek dit? Die piramides is daar. In plaas van om die Woord van God te verander en te sê *die bekende wêreld,* aanvaar: Hy sê *die hele wêreld*. Hoekom oor die hele wêreld? Want hierdie wesens moes verdrink. Hierdie half mens half hemelwese moes verdrink – en die water was oor almal, orals, oor die hele aarde. God was weer reg, Sy Woord was weer reg en ek was verkeerd die oomblik toe ek dit verander. Moet dit nie doen nie!

Hierdie hemelwesens het die sondeval van Adam en die vervloeking van die aarde net vererger en die Skepper se volmaakte skepping verder vermink. Dit het later so beroerd gegaan dat die Skepper besluit het om alle lewe op die aarde te vernietig, maar daar was nog een opregte man met sy gesin, Noag. En God spaar Noag en sy gesin se lewens toe Hy die hele aarde met water verwoes. So, God sê *Ek gaan alles tot niet maak*, maar Hy sien vir Noag en Hy sê *deur Noag gaan ek My skepping herstel*. As God vir Noag ook verdrink het, wat sou gebeur het? Vader sou 'n mislukking gewees het want Hy sou nie kon sê *alles wat Ek maak is volmaak nie, want daar is die aarde, 'n mislukking.*

Deur Noag gaan die herstelplan van God voort, want God laat vaar nooit die werke van Sy hande nie, dit is 'n eienskap van Hom, Hy misluk nie. Ons misluk en tog sê ons Hom voor – jy moet dit nie doen nie. Die skepping van hemel en aarde het verkeerd gegaan toe Adam teen God gesondig het. Hierdie skepping het byna tot niet gegaan in die dae van Noag. God bewaar dit ter wille van Sy Naam en dit is onmoontlik dat die herstel nie sal gebeur nie, want Hy is Almagtig en misluk nooit nie. Dit beteken Hy gaan dit doen. Besluit of jy deel is van dit of nie, op Sý voorwaarde – Hy gaan nie by ons aanpas nie. Hy gaan nie sê *jitte, jy het nou 'n goeie idee, Ek gaan dit doen* nie. God is alwetend, Hy weet alles, Hy gaan slaag - waar gaan ons wees?

Wanneer ons die Bybel lees en wil verstaan, is dit van kardinale belang om hierdie verlede te weet en te verstaan dat God Sy vervalle koninkryk gaan herstel. Ons leef nog in daai vervalle koninkryk. Hy gaan dit herstel. Ons as mens is net 'n deel daarvan en ons speel nie die hoofrol nie, maar God speel die hoofrol. Ons moet as beginpunt dus eerstens uitvind wie Hy is in hierdie verhaal, wat Sy Naam is wat geheilig moet word en dan eers wie ons is en wat ons rol is. Ken ons Sy Naam, ken ons Sy weë? Weet ons waarvan Hy hou en waarvan Hy nie hou nie? Weet ons wat Sy Naam is wat geheilig moet word? Ken ons Sy naam? Sy Naam?... dan begin ons stry en ons gaan haal die Hebreeuse boeke en ons kap mekaar se ore en mekaar se tonge af, *want ek wil hê my interpretasie van hoe dit klink moet geëer word*. Wat is God se naam? EK IS WAT EK IS, maar ons weet nie wat Hy is nie. Vind eers uit wie God is en dan eers daarna kan ons uitvind wat ons rol is, maar ons begin by ons rol en ons bly by ons rol – en dit gaan net oor ons. Omdat ons humanisties grootgemaak is, is ons oortuig dat God se wil ondergeskik is aan wat ons beskou as reg en geregtigheid en wat regverdig is. Ons bedink dit nie, maar ons doen dit.

Ons is humanisties grootgemaak. As humaniste ('*humans'* - mense) het ons sekere waardes en normes en God moet by dit bly – dit is wat ons dink, en wanneer ons die Bybel lees, dan pas ons die Bybel aan omdat God afdwaal van wat ons siening van reg en geregtigheid is, byvoorbeeld die uiverkiesing; dit mag nie gebeur nie, dit is haatspraak, dit is apartheid, dit is wraak en wie weet wat alles nog; *God kan nie dit wees nie, ons verander die Bybel.* Hoekom? Want ons het 'n humanistiese oorlewering van wat dit moet wees. Hier is 'n voorbeeld in 2 Samuel waar ons sien dat God anders optree as wat ons sou dink regverdig is:

2 Samuel 21:4 Daarop sê die Gibeoniete vir hom *(koning Dawid)*: Dit is ons teenoor Saul en sy huis nie te doen om silwer en goud nie, en dit gaan vir ons nie daarom om iemand in Israel dood te maak nie. En hy vra: Wat dink julle dan moet ek vir julle doen?

Wie is die Gibeoniete? Dit is 'n geslag van Israel wat 'n tyd kom, maar Saul het nie van hulle gehou nie en hy wou hulle uitwerp uit Israel – hierdie is aan die einde van Dawid se lewe, so Saul is al lankal dood. Die mense teenoor wie verkeerd opgetree was, is geslagte terug, maar hier gebeur 'n ding in Israel. Daar is drie jaar droogte, en Dawid gaan na Vader toe en sê *Vader, wat is*

*aan die gang hier? Hoekom is U besig om ons te onderdruk met die droogte? Wat het ons gedoen?* Vader sê *dit is nie jy nie, dit was Saul – Saul het hierdie verkeerde ding gedoen wat hy nie mag gedoen het nie en jy moet dit regmaak.* Nou kyk hoe word dit reggemaak en kyk of jy in jou hart saamstem met dit en kyk of humanisme sal saamstem met dit:

Hier is droogte en Vader is kwaad vir hulle en Dawid weet die enigste manier om dit reg te maak is om by hierdie Gibeoniete te hoor wat gedoen moet word, sodat dit weer kan reën. Maar wie is kwaad? Vader. Oor wat? Oor ongeregtigheid wat gebeur het en dit moet reggemaak word. Weereens, ons idee van reg en geregtigheid, hoe verskil dit?

2 Samuel 21:5 En hulle sê vir die koning: Die man wat ons vernietig het en planne teen ons beraam het om ons te verdelg sonder dat ons in enige grondgebied van Israel kan voortbestaan—
2 Samuel 21:6 laat sewe manne van sy seuns aan ons gegee word, dat ons hulle voor die HERE kan ophang in Gíbea van Saul, die uitverkorene van die HERE! En die koning het gesê: Ek sal hulle gee.

*Gee vir ons sewe van die seuns van Saul, ons wil hulle ophang en dan sal ons beter voel.* En die koning het gesê *ek sal hulle gee.* Nou lees ons net tot hier en ons hoop dit gaan verby, maar toe gaan dit nie verby nie. Wat moet hier gebeur? Sien jouself in hierdie prentjie, jy is daar. Wat moet gebeur? Daar moet sewe van Saul se nageslag gehaal word en hulle moet opgehang word. Is dit 'n mooi prentjie? Dit is nie 'n mooi prentjie nie...

2 Samuel 21:7 Maar die koning het Mefibóset, die seun van Jónatan, die seun van Saul, verskoon vanweë die eed by die HERE wat tussen hulle was, tussen Dawid en Jónatan, die seun van Saul.
2 Samuel 21:8 Toe neem die koning die twee seuns van Rispa, die dogter van Aja, wat sy vir Saul gebaar het *(dit is kleinseuns)*, Armóni en Mefibóset, en die vyf seuns van Merab, die dogter van Saul, wat sy vir Adriël, die seun van Barsíllai, die Meholatiet, gebaar het;

So, die dogter van Saul het vyf seuns gegee en die kleindogter het twee gegee.

2 Samuel 21:9 en hy *(Dawid)* het hulle oorgegee in die hand van die Gibeoniete, wat hulle opgehang het op die berg voor die aangesig van die HERE, sodat al sewe tesame omgekom het; en hulle is gedood in die eerste dae van die oes, in die begin van die gars-oes.

Bedink ons hierdie? Weet ons dit? Ons lees dit, dit is geskiedenis en ons gaan aan. Hierdie was sewe mense, sewe seuns – twee van hulle se oupa was Saul en vyf van hulle se pa was Saul. Net omdat hulle van Saul se afkoms was, is hulle opgehang, doodgemaak. Wat het van hulle gesinne geword? Wat het van hulle kinders, hulle kleinkinders en hulle vrouens geword? Wat het hulle verkeerd gedoen om opgehang te word? Niks... Maar dit het gebeur. Dit is geregtigheid. Wat sien ons is dit? Ongeregtigheid, want as daar net iets in my lewe gebeur waarvan ek nie hou nie, dan wil ek iemand kwalik neem. Ons wil verkieslik God kwalik neem – dit is ons natuur, want ons is humaniste; *ek is so belangrik, God kan nie so teenoor my optree nie, ek het regte.* Wat se regte het hierdie mense gehad? Niks nie – hulle is gegee en hulle is opgehang en daarna het dit gereën.

So, wat sê Vader? Die ongeregtigheid wat gebeur het in die dae van Saul is vergeld deur hierdie sewe mense wat gesterf het vir die Gibeoniete.

Nou hoekom haal ek hierdie aan? Sodat ons net kan sien dat dit nie oor ons gaan nie. Dit het nie gegaan oor hierdie sewe nie. Hoe belangrik was hulle lewens? Nie so belangrik soos wat ons dink nie. Hoe belangrik is my lewe? Nie so belangrik soos ek dink nie. Kan ek God manupileer? Kon een van hierdie sewe God manupileer? Kon Dawid God manupileer? Nee, niemand kan God manupileer nie. Was God onregverdig om dit te doen? Wel, as ek 'n humanis is en daarna kyk sal ek sê "ja", maar God kan nie onregverdig wees nie en ek het net nie die inligting van wat alles gebeur nie en ek kan ook nie oordeel nie.

Ek kan nie besluit wat is regverdig en onregverdig nie. Besef ons dit? Ons kan nie besluit wat is regverdig en onregverdig nie, want wie is ons? Is ons die maker van die wet? Bepaal ons wat is geregtigheid? Nee, God bepaal wat is geregtigheid – so, hoe kan ek dan met Hom verskil!?

Dit was geregtigheid om hierdie sewe mense op te hang, alhoewel hulle niks met die saak te doene gehad het nie – dit was geregtigheid.

As ons geregtigheid verskil van God se geregtigheid, watter een is deurslaggewend? Syne. God is geregtigheid en God is liefde. Ek het ‘n ander opinie van liefde as Hy. Wie is reg, ek of Hy? Wel, Hy ís liefde en ek het net 'n opinie van liefde.

Waaroor gaan die Bybel? *Dit gaan oor my en dit gaan oor my verlossing.* Nee, dit gaan toe nie – dit gaan oor God en die herstel van Sy koninkryk en alles wat daarmee gepaard gaan en ek is net 'n deeltjie daarvan. Ek het gesien daar was hierdie hemelwesens en ek het gesien daar was Noag en ek sien Vader het feitlik alles beëindig, maar ter wille van Sy Naam het Hy nie – Hy gaan dit herstel. Ek sien dat my gedagte van geregtigheid nie noodwendig Sy gedagte van geregtigheid is nie – en nou gaan ondersoek ek alles. Wat is my gedagte van liefde? Wat is my gedagte van aanbidding? Wat is my gerdagte... en ek gaan meet alles aan Hom en ek gaan kyk of is dit wat dit is. Ek moet alles gaan oor-ondersoek.

Verander jou visie betreffende die Bybel. My visie van die Bybel is nie ek nie, dit is nie *wat is daar in vir my nie*. Dit is *hoe gaan God sy koninkryk herstel*? Alles wat Hy doen en gedoen het van dit wat in die Bybel staan, is ter wille van die herstel van Sy koninkryk – ek kan deel wees daarvan, of ek kan kies om nie deel te wees daarvan nie en 'n buitestaander te wees – dit is my keuse, want ons het gesien Hy gaan nie verander nie. Maar wat ons ook weet is, Hy gaan suksesvol wees en ek kan deel van Sy sukses wees, maar as ek verwaand en arrogant is en ek skat myself hoër as Hom deurdat ek die reg het om Sy Woord te verander, gaan ek ‘n buitestaander wees en ek gaan nie deel van Sy verheerliking wees nie. Om deel van Sy verheerliking te wees moet ek myself verneder sodat ek op die regte tyd verhoog kan word. Om myself te verneder beteken om afstand te doen van my eie oortuiginge van wat Sy woord is en van wie Hy is en van wie Sy verbondsvolk is. Ek moet afstand doen van dit en ek moet by Hom gaan leer en vir Hom vra: *Vader, wat is waarheid?* En Hy sal vir my sê: *My Woord is waarheid*, maar dit is die onvervalste Woord, nie die een wat ek vir myself opgemaak het of wat my kerk vir my opgemaak het nie, dit is Sy onvervalste Woord. Ek gaan lees dít. Ek gaan eet dít en dit word deel van my. Die kos wat jy gister geëet het, is vandag deel van jou. Die Woord wat ek gister geëet het is vandag deel van my. As ek gister Sy Woord vervals het toe ek dit geëet het, het ek vandag 'n vervalste weergawe van Sy Woord in my – dit is dwaasheid.

Wat ons sovêr gesien het, is ons tel nie baie nie – ons is die muskiete, ons is die gras – ons is vandag hier en môre is ons weg, maar Hy is van ewigheid tot ewigheid, ons moet by Hom aanpas. Dit wat jy gehad het van oorlewering, beskou dit as drek – dit is vir jou ‘n wins om dit as drek te beskou, dit is vir jou ‘n verlies om dit te behou. As jy dit behou gaan dit jou in die verderf in sleep – dit is al wat dit doen. Dit is leuens. Dit is klippe met kettings wat aan jou vasgemaak is, jy kan nie beweeg nie en jy is op 'n afdraande oppad in 'n afgrond en dan val jy daar af – en dit is wat jou oorlewering vir jou gee. Maar, jy kan vry kom daarvan, dit is maklik: jy gooi dit net van jou af weg, maar ons kies om dit nie te doen nie, want dit vra 'n prys. Die prys is *wat gaan die mense van my sê? Wat gaan my ouers van my sê? Wat gaan my kinders van my dink? Wat gaan ek self van my dink? So, ek bly by my oorlewering, Ek bly in my kerk sit en almal aanvaar my en almal gee my drukkies en ons is almal so ‘lovey-dovey’, en ons sing saam – dit is ‘n lekker plek, ek bly net hier* – maar my oorlewering sleep my in die verderf in. Of ek kan sê *ek is klaar met dit, ek beskou dit as drek.* Dit is wat Paulus gesê het. Hy was in die kerk. Hy was die voorbok in die kerk. Hy was die aanbevole een, almal het van hom gehou en hy sê *ek beskou dit as drek,* en daarna wil hulle hom doodmaak. Hoekom? Om die uitnemendheid van Christus te verkry, en die oomblik as jy dit van jou afgooi en jy begin die Woord lees dan sien jy: *jitte, ek kan sien wat hier staan!*

Die meeste mense lees die Bybel en hulle kan nie verstaan wat daar staan nie. Al wat jy moet doen is: gooi die oorlewering weg, raak vervuld met die Gees en jy sal verbaas staan dat jy die Woord kan verstaan. Elke vers wat jy lees sien jy wat daar staan, dit is so maklik, maar jy is vasgevang in die kerker – kom uit dit uit, volg die Lam waar Hy ookal heengaan. Moenie die kerk volg waar die kerk ookal heengaan nie – jy het nie die kerk nodig nie. Yahshua kom nie terug om met Sy sogenaamde bruid, *die kerk,* te trou nie. Hy kom terug om Sy koninkryk te herstel wat in die Paradys verlore gegaan het, dit is wat Hy kom doen. As jy in die kerk sit en wag vir Hom om terug te kom, gaan Hy nie terugkom nie, want Hy kom nie na die kerk nie. Wie is in die kerk? Die Pous is in die kerk en daarna die Pous se afgevaardiges – ons het allerhande name vir hulle. Kom uit die kerk uit, word vry daarvan. Leer God ken – dit is ‘n eensame pad, dit is 'n alleen pad, dit is 'n moeilike pad, maar dit is die enigste pad.

# Hoofstuk 2 – Hoe toets ek my geloof…

Die slotsom van die vorige hoofstuk is dat die Bybel oor die herstel van die skepping van God gaan, en daardeur die herstel van Sy Naam – dit is baie belangrik, maak 'n nota daarvan binne in jou hart; dit gaan toe nou nie oor die mens nie. As ons godsdiens bedryf en ons begin ‘n kerk en ons skryf 'n boek, dan gaan dit oor die mens: *wat kan God vir my doen…* Dit gaan toe nie oor ons nie, maar ons is wel deel van die herstel. Toe God die hemel en die aarde geskape het, het dit nie gegaan oor Adam nie. Adam was ‘n deel daarvan – op 'n stadium is Adam geskape. Op ‘n stadium het Vader 'n verhouding met hom gemaak, maar dit het oor baie meer gegaan.

Eerstens het dit oor God gegaan, dit is Sy skepping, Sy eer. Dit was Sy ‘prestasie’ waarvan die mens ‘n deel was en nou met die herstel is dit dieselfde, en ons moet daai sirkel wat ons getrek het, waar ons reg in die middel staan, verander – jy kan jouself sommer uit die sirkel uithaal, dit is God se sirkel, ons is net deel daarvan. Wanneer ons die Bybel lees, is dit presies dieselfde, ons lees onsself in elke liewe vers – haal jouself daaruit, sit Hom daarin. Jy is in elk geval veronderstel om in Hom te wees en soos wat alles in Hom in vervulling gaan soos wat Hy verheerlik word, sal jy verheerlik word deur in Hom te wees, maar om jouself in die binnekant, in die middel van alles te plaas en te sê *maar, dit gaan oor my* – jy is besig om dit te mis, want Hy is die middelpunt van alles.

Die vorige hoofstuk is kronologies van wat gebeur het. Ons het gesien hoe die skepping in 'n noodtoestand beland het deurdat Adam die heerskappy verloor het – die satan het hom verkul soos wat hy ons verkul. Hy sê dinge en Adam het dit geglo, en hy sê vir ons dinge en ons glo dit. Ons dink *jitte, die Adam was darem maar dom* – óns is elke dag dom, ons glo hom elke dag. Wat verkoop die satan aan ons? Teologie, want dit is wat hy aan Adam afgesmeer het. 'n Ander geloof en Adam het dit geglo. Dit word elke dag met ons gedoen en ons glo dit, maar ons het die omgewing waarin ons kan terugbeweeg. Met “omgewing” bedoel ek die inligting is daar, die data is daar, ons moet net gebruik maak van dit. Natuurlik het die satan dit ook en hy probeer dit van ons weghou op enige manier. Onthou dit, die Woord van God kry ons terug tot God, maar dit is die onvervalste melk van die evangelie en die satan kom en hy probeer dit vervals met alles in sy vermoë om ons weg te hou van die Almagtige. Satan is die een wat die skepping geweldige groot skade aangedoen het, wat ‘n wig ingeslaan het tussen God en Sy skepping wat veroorsaak het dat God Sy eie skepping vervloek het – en hy gaan nie ophou met dit nie. Hy het nie gesê *ek is nou klaar nie* – hy hou aan met dit en ons is binne-in dit. Dit is besig om te gebeur rondom ons. Ons kan deel wees van hierdie vernietigende proses of ons kan uit dit uitklim en sê *nee, ek is nie deel daarvan nie, ek is deel van die herstel* – dit is ons keuse.

Nou wat het gebeur met die sondvloed? Dit was die tyd van die reuse, die basters. Basters tussen wat? ‘n Mens en die hemelwesens – dit was die tyd van die reuse en die reuse is op die aarde en hulle maak amok; hulle is kragtig, hulle is reuse, hulle pa's is hemelwesens. Hemelwese kom met kennis, eeue en eeue se kennis. Hulle weet hoe werk alles. Hulle leer die reuse om allerhande dinge te bou. Hulle leer hulle van hoe die sterre werk. Hulle leer hulle van alles wat hulle kennis van het – en hulle voer amok op die aarde en Vader sê *Ek gaan dit vernietig.* En Hy doen dit en al wat oorbly is Noag en die mense en diere wat saam met hom in die ark was.

‘n Kort tydjie na die sondvloed (in die tyd van Nimrod) verval die mens weer in verrotting en God verskerp Sy strategie van herstel deur een persoon uit te kies en met hom en sy nageslag ‘n verbond te maak – en hierdie persoon is Abraham.

Ons almal ken Nimrod se geskiedenis. Hy bou 'n toring en hy sê *ons sal rebelleer teen die Almagtige; as Hy weer kom met water, dan klim ons in hierdie toring en dit sal hoër wees as wat hierdie water kan gaan.* God verwar hulle taal.

God sien dit gaan net weer gebeur. Dit wat met Noag gebeur het en dit wat met Nimrod gebeur het, gaan weer gebeur en Hy verskerp Sy herstelstrategie. Wat is Sy herstelstrategie? Om dit terug te kry na wat dit was – en God kies een persoon uit en Hy maak Sy verbond met hierdie persoon. Die geslag deur Abraham, sy seun Isak, en díe se seun Jakob word die volk waarmee die Skepper ‘n verbond maak. Weereens, indien daar nie 'n sondeval in die Paradys was nie en God nie die aarde vervloek het nie, was daar geen rede vir die uitverkiesing van 'n volk nie. Die uitverkiesing van Abraham en sy nageslag was dus ter wille van die herstel van dit wat in die Paradys verkeerd gegaan het.

Vir ons wat 'n oorbeklemtoning het van hierdie onderwerpe: die evangelie draai nie oor die uitverkiesing van Israel nie. Dit draai nie oor Israel nie, want dit sou nie gebeur het as daar nie 'n sondeval was nie – daar sou nie 'n nut gewees het vir Israel nie. Wat is die nut van Israel? Dit is een van die ratte in die ratkas van die herstel van die skepping. Kan ek daai rat uithaal en sê *nee, ek hou nie van die uitverkiesing van Israel nie*? Vat maar 'n ratkas en haal 'n rat uit en kyk bietjie wat gebeur – niks werk nie, die liggies kom nie eens aan nie. En wanneer ons so 'n bietjie liberale godsdiens bedryf, dan haal ons Israel uit en sit die die kerk daar in, of sit bietjie Jode daar in of wat ook al, en wat gebeur met die ratkas? Dit werk nie.

God het Israel uitverkies, Hy het Abrham, Isak en Jakob uitverkies as 'n middel tot 'n doel en die doel is die herstel van dit wat verkeerd gegaan het in die Paradys. Ons kan nie daaraan verander nie. As jy nie daarvan hou nie, los dit. Loop weg en gaan kry vir jou 'n ander godsdiens – gaan probeer Buhda, maar jy kan God en Sy evangelie nie verander nie. So, as ons nie sou saamstem met die uitverkiesing van Abraham en sy nageslag nie, gaan dit geen verskil aan God maak nie, want Hy gaan Sy skepping herstel – ons kan deel daarvan wees, of nie. Dit is ons keuse of ons wil deel wees of nie, maar God is onveranderlik.

Ons weet die uitverkiesing van die nageslag van Abraham, Isak en Jakob is tot aan die einde; selfs die stad wat uit die hemel uit neerdaal het poorte en die poorte is die name van die twaalf stamme van Israel. En weereens: die moderne liberale evangelie, die algemene evangelie, die 99.9% van die evangelie wat uitgaan daarbuite sê: *daar is nie 'n uitverkore volk van God nie*. Persone wat sulke goed verkondig en glo, distansieer hulle van die evangelie van God. Hulle sê *nee, dit pas ons nie, ons sal dit so bietjie verander soos ons daarvan hou* – jy kan nie! God het dit nie net gedoen omdat Hy lus was nie, daar is 'n doel daarmee – en die doel is die herstel van dit wat verkeerd gegaan het. As jy dit verander dan werk jy teen die Almagtige. God is besig om Sy skepping te herstel en jy sê *nee, ons haal hierdie rat uit die ratkas uit, want dit lyk nie mooi nie* – jy saboteur Hom, maar hy laat Hom nie saboteur nie. Jy word 'n vyand van God, jy skaar jou by die satan.

God maak 'n verbond met hierdie geslag en ons lees van dit in die Bybel as die eerste verbond. As ons hierdie verbond wil bestudeer en sekere gevolgtrekkinge en afleidings maak, moet ons onthou wat die groter doel van die verbond is. Hoekom sê ek dit? Want mense verdwaal nou weer in die verbond en hulle maak godsdiens van die verbonde asof daar een of ander magiese krag in die hou van die verbonde is. Wat is die doel van die verbonde? Die uiteindelike doel van die verbonde is die herstel van dit wat verkeerd gegaan het in die koninkryk. Ons moet gaan kyk wat gebeur het en wat sê Vader hoe dit werk en dan by dit aanpas. Ons kan nie sê *maar ek verstaan dit so, ek gaan dit so doen* nie. Wat is die doel? Om te herstel wat verkeerd gegaan het in die Paradys. Régtig, die verbonde? Ja, die verbonde se doel was om te herstel wat verkeerd gegaan het in die Paradys. Wat was Vader se skeppingsdoel? 'n Volmaakte hemel en aarde, geen dood, geen hartseer, geen roof, geen afguns, geen haat, niks – dit is Sy doel. Dit wat ons lees in die Bybel is om terug te gaan sóóntoe. Vader wil terug gaan soontoe. Hy wil sy Naam herstel en Hy wil Sy skepping herstel – ons moet inval by Sy evangelie, anders is jy in rebellie teen die Almagtige. Jy is presies waar die satan was; Jy sê vir die Almagtige *nee, nie só nie, maar só* – jy kan dit nie doen nie.

Nou kyk ons na Sy raadsplan en ons verstaan dit nie, dan verander ons die raadsplan sodat ons dit kan verstaan met ons menslike verstand: *aha! Dít is die raadsplan, die volk het 'n kerk geword! Nou verstaan ek dit!* Die volk het nooit 'n kerk geword nie, dit het net in jou kop 'n kerk geword – die volk het 'n volk gebly, want die kerk het geen deel in die herstel van die skepping nie. Niks! Nul! Maar omdat 99,9% van mense glo in die kerk as die weg na saligheid, is dit 'n geweldige sprong om weg te kom van dit af en te besef dit is nie wat dit is nie. En wat doen ons? Ons klou aan dit vas. Hoekom? Ter wille van myself, ter wille van my oorsake, ter wille van die oorlewering, ter wille van die orde – *as jy nou die kerk wegvat, dan is daar mos nou chaos*… Daar is chaos as gevolg van die kerk, want ons het geen plek waar ons met die volk heengaan nie. Waar moet die volk nou inpas as daar dan nou 'n kerk is, want dan pas dit nêrens in nie? Maar wie het die volk gekies? God. Wie het die kerk gekies? Die mens.

Daar is nog tyd om weg te vlug van hierdie dwaling, dit is nog nie die einde nie. Die einde is baie naby en die einde breek vir sommige mense elke dag aan; mense gaan dood, en dan is dit vir jou die einde en dan gaan jy met dit wat jy bymekaar gemaak het na die Almagtige toe en Hy sê vir jou *Ek het vir jou een pond gegee, wat het jy?* En jy sê *o jitte, ek het nie geweet ek moet ponde bymekaar maak nie, hier het ek 'n klomp klippe!* Dan sien jy, jy het dit gemis. Ons mis dit omdat ons mense wil behaag. As daar nie 'n sondeval in die Paradys was nie, was daar nie 'n verbondsvolk nie en was daar nie 'n verbond nie. Die verbond van God is nie 'n instelling van God om die mens te bevoordeel, of om vir ons dogma te gee om oor te stry nie, maar die doel van die verbond is die herstel van die skepping. Hoekom sê ek dit? Party mense sal sê '*so what', wat moet ek met hierdie inligting maak?* Hierdie inligting is jou toets-instrument.

As jy ‘n elektrisiën is, dan moet jy ‘n toets-instrument hê waarmee jy krag op ‘n draad toets. Jy toets en kyk of daar krag is en jy sien daar is. Ons soek 'n toets-instrument om te kyk of teologie en dogma krag op het, of nie. Wat is ons toets-instrument, want die instument moet vir jou kan sê of hierdie teologie wat jy het, hierdie verklaring van jou van die raadsplan, hierdie verklaring van jou van die verbonde en die verbondsvolk se eindresultaat die herstel van die skepping van God is – dit is jou toets-instrument. As iemand oorboord gaan met die Ou Verbond, dan toets jy dit met hierdie instrument en sê: *maar wat het dit te doen met die herstel van wat verkeerd gegaan het in die Paradys?* – jy meet dit, dan sal jy dit nie sien nie. Gaan toets met jou instrument die kerk en sê: *maar wat het die kerk te doen met die herstel van die skepping?*

Kom ons toets wat is die doel van die eerste verbond en hoe dit betrekking het op die herstel van alle dinge:

> Hoewel baie mense meer van die eerste verbond wil maak as wat God se bedoeling was, was die doel van die eerste verbond om die uitverkore verbondsvolk onder bewaring te hou totdat God weer met hulle ‘n nuwe verbond kan maak, maar dan 'n beter verbond as die eerste verbond, 'n verbond wat in staat is om hulle siele te red. Wat sê ek hier?
>
> Wat het gebeur in die dae van Noag? Die mense het verrot. En in die dae van die Toring van Babel? Presies dieselfde. So, wat gebeur as jy die mens alleen los? As Vader vir die mens sê *hou net vas, die verlossing kom,* dan vrot hulle. So, wat doen God? Hy kies 'n volk uit, Hy maak met hulle ‘n verbond, Hy gee vir hulle ‘n wet – en wat is die doel daarvan? Om te voorkom dat hulle nie net elke keer verrot soos wat dit gebeur het nie.
>
> Galàsiërs 3:23  Maar voordat die geloof *(die nuwe verbond)* gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof *(die nuwe verbond)* wat geopenbaar sou word.
>
> Hoe hou jy kos in bewaring? Jy sit dit in 'n plastiekhouer sodat die goggas nie in dit kan kom nie, of as dit vrugte is dan sit jy dit in die yskas, of iets – jy verpak dit op 'n manier dat dit bewaar bly - jy hou dit onder bewaring. Nou gaan die mens elke keer en hy vrot – hulle verbaster eers met hemelwesens en dan gaan hulle in rebellie teen die Almagtige en dan gee hulle hulself oor aan afgode, ens. – en Vader sê *Ek moet hulle onder bewaring hou. Ek moet hulle in die ‘yskas’ sit.* Wat is die yskas? Die Ou Verbond. *Ek moet hulle in die yskas hou totdat iets gebeur* – totdat wat gebeur? Totdat die geloof gekom het. Wat is die geloof? Dit is die Nuwe Verbond, sodat ons deur geloof gered kan word, want Vader sien dat as Hy hulle net gaan los tot daai tyd, dan gaan daar niemand oorbly nie, want dit is elke keer bewys – en Hy hou ons onder bewaring.
>
> Ek het nou die gedeelte begin deur te sê *hoewel baie mense meer van die eerste verbond wil maak as wat God se bedoeling was, was die doel van die eerste verbond om die uitverkore verbondsvolk onder bewaring te hou, totdat God weer met hulle nuwe verbond kan maak.* Nou wil die mense meer maak van die yskas as wat nodig is.
>
> ***Die doel van die Ou Verbond was om die mense tydelik onder bewaring te hou, sodat God met hulle 'n Nuwe Verbond kan maak wat hulle siele kan red. Sodat Hy kan herstel wat in die Paradys verkeerd gegaan het.***
>
> Nou het ons vandag mense wat meer van die Ou Verbond wil maak as wat God se doel was. Hulle vat nou die yskas en hulle maak 'n kar van dit en jy gaan hou skool in die yskas en ek weet nie wat alles nie, *want alles draai nou om die Ou Verbond* – dit is tydelik en Hy het die verbondsvolk onder bewaring gehou totdat die Nuwe Verbond gekom het.
>
> Galàsiërs 3:24  Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.
>
> *Sodat ons geregverdig kan word uit die geloof* – ***sodat***: dit is die doel van die eerste verbond, ***sodat*** ons geregverdig kan word uit die geloof in die tweede verbond – dit was die doel van die eerste verbond.
>
> Galàsiërs 3:25  Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder ‘n tugmeester nie.
>
> Wie is die tugmeester? Dit is die wet. En wat is die wet? Dit is die orde van die eerste verbond. Ons is nie meer onder hom nie, ek hou nie meer vas aan hom nie. Hoekom? Want die tweede een het gekom en die geloof is nou daar.

Nou die vraag wat op ons lippe is, is waarom het God dan 'n tydelike eerste verbond gemaak en nie sommer dadelik die tweede verbond wat ons siele kan red nie? Die Volmaakte Offer vir die sonde van Sy volk moes eers gebring word voordat Hy met hulle die Nuwe Verbond kon sluit en daardie Offer moes op die regte tyd gebring word. So, Vader kon nie met Abraham die verbond maak wat Hy met ons gemaak het nie. Hoekom? Want die offer was nog nie gebring nie. Hoekom was die offer nog nie gebring nie? Daai antwoord kan ek nie gee nie, maar Romeine 5:6 sê:

Romeine 5:6 Want toe ons nog swak was, het Christus op die regte tyd vir die goddelose gesterwe.

Wat is die regte tyd? Vierduisend jaar na die skepping was die regte tyd. Hoekom? Ek weet nie, maar God sê dit. Hy sê *dit is die regte tyd, maar Ek moet julle onder bewaring hou tot daai tyd sodat julle nie almal vrot nie. Daarom maak Ek met julle 'n verbond met 'n wet. 'n Streng wet van moets en moenies sodat jy, wanneer die nuwe verbond kom wat jou siel kan red, darem nog in staat is om jou met My te kan versoen en nie weer met hemelwesens verbaster nie, of so afvallig geraak het dat jy My stem glad nie kan hoor nie.* En Israel, die verbondsvolk, is tydelik onder bewaring gehou totdat God met hulle 'n nuwe verbond kan sluit.

As ek nou my toets-masjientjie op hierdie teologie sit, op hierdie beredenering en kyk: *werk dit mee tot die herstelling van dit wat verkeerd gegaan het die Paradys?* Ja, absoluut! Om Israel tydelik onder bewaring te hou todat die verbond kom wat hulle siele kan red, werk beslis vír dit. Alles wat deel was van die eerste verbond het heen gewys na die tweede verbond en is vervul in die tweede verbond; dit sê die Bybel. Die hele wet en die profete is vervul in Yahshua. Die tweede verbond moet voldoen aan die vooruitskouing van die eerste verbond, want dit is die bewys dat dit van God is. So, wat sê ek daardeur? Ons kry nou die tweede verbond. Baie mense sê *nee, dit moet nog kom*, ander mense sê *nee, ons is nog in die ou verbond*. Hoe weet ek dat die nuwe verbond wat ek in die Bybel lees waar is, dat dit die waarheid is? Ek gaan terug na die Ou Verbond en ek kyk hoe die Nuwe Verbond die Ou Verbond vervul het – ek síén dit.

Die pasga het heengewys na die volmaakte offer van Yahshua vir ons sonde. So, as ons nou praat van Yahshua wat gesterf het vir ons sonde, is dit die waarheid? Ja! Hoekom? Want die pasga getuig daarvan, maar dit is vervul. Wat beteken vervul? Dit het heengewys en toe het dit gebeur. Die pasga se heenwysing het gebeur. Die pasga was 'n lammetjie wat jy geslag het en die lammetjie moes voldoen aan baie hoë vereistes: hy mag nie 'n gebrek hê nie en jy mag nie sy bene breek nie en en en... jy moet die hele lammetjie eet – en dit het heen gewys na Yahshua. Nou kyk ons na Yahshua en ek weet dit is die waarheid – die evangelie rondom Yahshua is die waarheid, want ek kyk terug en ek sien die pasga getuig daarvan. Die besnydenis van die vlees het gewys na die besnydenis van ons hart deurdat dat ons die sonde aflê. Die rus van die sabbat het gewys na die rus wat daar in ons Middelaar is. Die eet van onrein voedsel het gewys na die eet van die onrein evangelie in ons tyd – en so wys alles terug en ons sien dit is die waarheid. Nou sit ek my toets-masjientjie op en ek kyk en sien dit is vervul.

Is dit maar reg as dit vervul is? Het dit nog 'n waarde? Gaan ons dit mis? Is daar iets wat die Ou Verbond nog moet doen om seker te maak dat die herstel gebeur in die Paradys? Nee, niks nie – alles wat die Ou Verbond moes doen, het die Ou Verbond gedoen, naamlik: dit het heengewys na die Nuwe Verbond. Dit het getuig dat die Messias wat gekom het, die regte Messias is en dit het die volk onder bewaring gehou – sy werk is voltooi. Dit wat hy moes doen, het hy gedoen. Nou, die voorwaarde om hierdie openbaring te kan sien is om die hele Bybel te lees, en te ken, en te bestudeer sonder voorafopgestelde idees van wat ons dink dit behoort te wees.

As jy nou tot hier gelees het en jy sê *ek hoor wat jy sê, maar ek verstaan niks nie* – dit is omdat dit nie vir jou verstand bedoel is nie, dit is vir jou hart bedoel, maar jy moet die hele prentjie sien. Die voorwaarde vir hierdie openbaring (nie net van die wet nie, maar van die hele evangelie) is om te sien dit gaan oor die herstel van die skepping. Die voorwaarde om hierdie openbaring te kan sien is om die hele Bybel te lees. As jy die pasgalam geëet het, moes jy die hele lam eet – jy moet die hele Bybel lees en dit ken en dit bestudeer sonder voorafopgestelde idees. So, wanneer jy gaan lees oor die pasga, het jy nie klaar in jou kop besluit wat dit beteken nie. Daar is geen gedagtes nie, jy beskou dit as drek. Jy lees die Bybel om te sien wat daar staan.

Na wedergeboorte kom woon Yahweh in ons hart deur Sy Gees en openbaar dan aan ons Sy bedoeling met Sy Woord, bedoelende: ek lees van die pasga, ek kan dit verstaan met my verstand, maar die openbaring daarvan kom slegs deur die Heilige Gees. Almal het nie die Heilige Gees nie. Wie het die Heilige Gees? Die wat weer gebore is. Petrus het gesê: *bekeer julle en laat julle doop, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.* Dan kom woon die Heilige Gees binne in my en Hy openbaar die Woorde van God aan my. God onderwerp Hom nie aan ons opinie van Sy Woord nie, maar Sy Woord is die waarheid en ons opinies is leuens. As jy 'n sekere opinie het van hoe die doop werk en dit is nie dieselfde as wat Vader gesê het nie, dit is jou opinie. God verander nie en Sy Woord bly die waarheid en jou opinie is die leuen. Ons lees in God se Woord van Sy verbond wat Hy gemaak het met die twaalf stamme van Israel, ons noem dit die Ou Verbond – ons lees in Sy woord van die Nuwe Verbond en ons sien dat Hy dit gemaak het met die twaalf stamme van Israel – ons hou nie daarvan nie en ons verander dit. Ons kry 'n opinie. God verander nie, Sy Woord bly die waarheid en my opinie is die leuen.

As ons hierdie verwantskap tussen die Ou- en Nuwe Verbond bestudeer, moet ons die oorhoofse rede altyd in ag neem, naamlik: die herstel van alle dinge. Ek weet ek herhaal dit, maar ons doen dit nooit nie. Ons lees die Bybel en ek wil sien wat hier staan en wat dit beteken, maar ek vergeet om dit te koppel aan die oorhoofse rede. Dit is soos doelstellinge en 'n doelwit: my doelstellinge kry my by my doelwit, maar as ek nie weet wat is my doelwit nie, gaan my doelstellinge my van my kop af maak, want ek gaan nie weet wat om daarmee te maak nie, maar sodra ek weet dit werk alles na 'n punt toe, dan is dit baie makliker.

Elke vorm van dogma kan onderwerp word aan hierdie vraag en getoets word of dit bestaansreg het: *dra dit by tot die herstel van alle dinge?*, en dit is ons vraag. ‘n Praktiese voorbeeld: wat het die onderhouding van die pasga te doen met die herstelling van dit wat in die Paradys gebeur het? Ek moet dit nou toets. Mense hou vandag nog blindelings die pasga net *omdat God so gesê het,* en intussentyd het Hy nie so gesê nie, hulle dink net Hy het dit gesê – *iemand* het gesê God het dit gesê en nou doen ek dit – God het dit nie gesê nie. Selfs in die tydperk toe dit die wet was en jy dit moes gedoen het, het jy dit net gedoen omdat God dit gesê het? Het God dit net gesê want dit is net 'n herdenking en Hy is baie erg oor tradisie? Wat is die doel? Wat het die onderhouding van die pasga te doen met die herstelling van dit wat in die Paradys gebeur het? Tydens die eerste verbond was dit 'n gebod wat getrou deur die verbondsvolk onderhou moes word omdat dit heengewys het na die volmaakte offer wat nog gebring moes word. Yahshua was die volmaakte offer en die onderhouding van die pasga word nie meer gedoen nie, want daar word nie meer heengewys na die offer nie, omdat dit reeds gebeur het. Hierdie is nou geskiedenis, ons weet dit, maar wat is die toets? Wat het die volmaakte offer (Yahshua se dood) te doen met die herstel van dit wat gebeur het in die Paradys?

Omdat daar ‘n volmaakte offer, 'n dood van 'n onskuldige mens in die plek van die sondige mens gedood was, hoef die sondige mens nou nie meer vir hul eie sondes met hulle lewens te boet nie, maar Hy, die volmaakte offer, het in hul plek gesterf. So, die pasga wys heen na 'n volmaakte, sondelose mens, wat gesterf het vir die sonde van ander mense wat wel gesondig het en die resultaat is dat daai sondige mense nou nie meer vir hulle eie sondes hoef te boet nie omdat Hy vir hulle sonde geboet het en hulle hoef nie meer te sterf nie. Wat het dit te doen met die herstel? In die Paradys het Adam en sy nageslag dus die dood geërf, maar met die dood van Yahshua, die volmaakte pasgalam, het hulle die lewe weer teruggekry – dit het dus herstel, dit is die hele evangelie van die verlossing van ons siele in een sin. Dit beteken ek hoef nie meer te sterf nie. Wat het in die Paradys gebeur? *As jy van daai boom eet sal jy sterf,* en hy het geëet en hy het gesterf en sy nageslag het gesterf. Vader wil dit herstel, hoe doen Hy dit? Die pasga kom eerste en dit wys heen na die volmaakte Lam wat geslag gaan word in die plek van die onvolmaaktes. Wat het gebeur by die eerste pasga? Hulle het die bloed gesmeer aan die deurkosyne en die dood het verbygegaan, hulle het bly lewe – dit is die pasga. Wat doen die pasga? Dit wys heen na die herstel op die einde in die Paradys, maar dit wys eerstens na die dood van Yahshua in ons plek; dan kom Yahshua en Hy doen dit. Hy sterf in my plek en ek hoef nie meer vir my sonde te boet nie. Ek kan nie sterf nie. Waar gaan ek lewe? In die koninkryk van God. Hoe lank? Vir ewig – dit was die doel met die skepping van Adam. Adam was nie veronderstel om te sterf nie, hy was veronderstel om vir ewig te lewe.

En hier is die pasga en die vervulling van die pasga, naamlik Yahshua, en ek toets dit met my instrument en ek sê *ja, dit is reg, want dit herstel wat verkeerd gegaan het in die Paradys.* Dit is ‘n praktiese voorbeeld. Dit wat ons moet doen is: vat elke lering en elke dogma wat mense vir jou bring en vra, *voldoen dit aan hierdie vereiste, naamlik die herstel van wat verkeerd gegaan het die Paradys.* Indien ons dus nou nog die pasga wil hou is ons besig met ons eie godsdiens, want dit wys heen na ‘n offer wat nog gebring moet word en ontken dan eintlik dat die offer wat deur Yahshua gedoen was nie die ware offer was nie en dat dit nog gaan gebeur – dit is wat ons nie besef nie. Hoekom het Vader so 'n renons in die onderhouding van die wet?

Hoekom sê Paulus *as jy jou nog wil laat besny, maak jy jou los van die genade van Christus, en jy sal geoordeel word volgens jou eie geregtigheid,* wat beteken jy gaan verlore gaan. Hoekom kan ek nie maar die pasga hou nie, wat is so erg? Die pasga is nie vir ons om met speel nie, die besnydenis is nie vir ons om mee te speel nie, die sabbat is nie vir ons om mee te speel nie – ons dink dit is sommer maar net. Ek kan dit maar net doen. Dit is nie, dit is 'n instelling wat heengewys het na iets wat baie groter is. As ek dit nog steeds onderhou, dan sê ek dit moet nog gebeur. Dit is al wat dit is, dit is 'n profesie. Wanneer ek die pasga hou, dan profeteer ek van iemand wat gaan kom om vir my sonde te sterf, en wat doen ek inderwaarheid? Ek ontken die offer wat Yahshua reeds vir my gebring het – en dit geld vir die hele wet en die profete.

Jy kan nie maak en breek soos jy wil nie. Jy kan nie sê *maar dit is so lekker vir my en my gesin om die sabbatte te vier nie,* jy kan dit nie doen nie. Jy kan jou nie laat besny omdat dit die 'cool' inding is om te doen nie - jy sny jouself los van die genade van God. Dit is van toepassing op die besnydenis, die sabbat, die eet van voedsel, die feeste en watter ander instelling of wet van die eerste verbond ook al – jy kan dit nie gaan onderhou nie, want dan getuig jy dat dit nog moet gebeur, terwyl dit reeds in Yahshua gebeur het. Jy wat dit nog doen, van wie getuig jy?

Die sabbat getuig van die rus wat daar in Yahshua is. *Hebreërs sê vandag as jy Sy stem hoor verhard jou hart nie, maar gaan in Sy rus in.* As jy die sabbat hou dan getuig jy van rus wat nog moet kom – *wie is dit, van wie getuig jy?* Mense dink nie daaraan nie, hulle hou dit net, *want my predikant sê so en ek wil nie hel toe gaan nie, en nou doen ek dit.*

Onkunde is nie 'n verskoning nie. Werk jou eie heil uit. Jy het die Woord van God. Jy het die Gees van God in jou, jy kan lees, jy verstaan Afrikaans – doen dit, moenie jou verantwoordelikheid oorplaas op iemand anders nie. Jy sal nie eendag kan sê *maar my predikant het vir my gesê nie,* want wat jy dan doen, is, jy plaas jou lewe in sy hande. In wie se hande moet ons ons lewe plaas? In Yahshua s'n – maar ons doen nie, ons glo ons kerk. Ek plaas my lewe in die hand van my kerk se opinie van die koninkryk van God.

Hoe toets ons of ons nog die pasga moet hou? Indien ons vandag nog die pasga sou onderhou, moet ons vir onsself afvra hoe dit bydra tot die herstel van alle dinge. Dit is ons toets. So, ek kyk nou na die pasga dan bring ek die toetsmasjien en ek toets dit – en die toets slaag nie, want die doel van die pasga was om te verkondig dat daar 'n volmaakte offer gebring gaan word, maar dit het reeds gebeur. Indien iemand besluit om wel die pasga te onderhou, want die wet sê so, is hy verwaand en weet niks nie. Al die wetsonderhouers wat veel te sê oor mense wat nie die wet hou nie (hulle noem hulle die wetsverbrekers), 1 Timótheüs 6:3 sê:

1 Timótheüs 6:3 As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie,
1 Timótheüs 6:4 dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het 'n sieklike sug na twisvrae en woordestryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog,
1 Timótheüs 6:5 nuttelose stryery van mense wat verdorwe in hulle verstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense.
1 Timótheüs 6:6 Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins.

En mense stry oor die wet – *die kant toe en daai kant toe.* Hoekom? Want hulle verstaan niks. Wie verwaand is en niks verstaan nie, ken nie die Godsplan nie, ken nie herstel nie, ken nie God nie, ken nie die Ou Verbond en die Nuwe Verbond en hoe dit by mekaar inskakel nie. Hulle het hierdie twisvrae om te probeer uitwys dat dit wat hulle glo die waarheid is. Hulle kan nie. Nou moet hulle die Woord begin verdraai en dan op die einde van die dag gaan hulle Paulus begin beskuldig en sê *maar hy was 'n Edomiet en ons moet sy briewe uit die Bybel uithaal.* Hoekom? Want Paulus het presies verstaan hoe die Ou Verbond in die Nuwe Verbond vervul is – hy het dit vir die apostels verduidelik. Waar het hy aan dit gekom? Yahshua het dit vir hom geleer. Hy sê Yahshua het dit self aan hom verkondig. Maar nou wil mense vashou aan die Ou Verbond, want dit is 'n bevrediging van die vlees – *daar is goed wat ek kan doen en ek voel goed daaroor. As ek myself besny het, voel ek goed daaroor.* Hoe weet jy iemand is besny? Hy sal dit vir jou sê. Hoe weet jy iemand hou nog die sabbat? Hy sal dit vir jou sê. Hoekom wil hulle dit vir jou sê? Want dit voel goed, dit is 'n bevrediging van die vlees – *ek het iets gedoen en ek kan roem daarin,* dit is al hoekom mense nog die wet wil hou. Die Bybel gaan oor herstel van die skepping en die herstel van die eer van God en oor die heerskappy oor Sy skepping. Hy het sy plan volmaak uitgewerk en ons is deel van die plan, maar ons is nie die plan nie.

As ons onsself verneder en ons aan Sy plan onderwerp, sal ons deel van Sy verheerliking wees, maar as ons in verwaandheid dink dat ons die evangelie bepaal, sal God nog steeds Sy verheerliking verkry, maar sonder ons. Dit is vir ons almal net so ‘n waarskuwing.

Hoekom is die waarheid so belangrik? Want God is die waarheid. As ek besig is met 'n leuen, is ek besig met God? Nee, Hy is die waarheid en ek is besig met my eie evangelie. Kan ek verkondig dat Yahshua terugkom aarde toe en met sy bruid kom trou? Hierdie bruid is die kerk. As jy dit bedink, dan skrik jy! Regtig, die kerk is die bruid? Watter kerk? Almal sê *nee, my kerk*. Goed, as ons hierdie evangelie toets aan die herstel van alle dinge is daar geen koppeling tussen die bruid en die Skepper nie. So, dit wat ek met die pasga gedoen het, moet ek nou met die kerk doen: Ek vat nou die toets-masjientjie en ek sit hom op die pasga, en daar werk hy. Dan sit ek hom op die vervulling van die pasga, naamlik Yahshua, en ek sien daar werk hy, en ek sit hom op die verlossing van my siel deur die offer wat Yahshua gebring het, en daar werk hy. Hoekom? Want ek is vry van die dood soos wat Adam oorspronklik vry van die dood was – dit is herstel. Dit wat verkeerd gegaan het, is herstel.

Nou vat ek daai masjientjie en ek sit hom op die kerk (die bruid) en kyk waar pas dit in. Wat was die bruid nou weer in die Paradys gewees? *Sjoe, ek kan nie eens daai vers onthou nie – o nee, dit is nie daar nie…* So, wat herstel wanneer Yahshua terugkom en Hy trou met die kerk? Niks, dit is ‘n fabel: die kerk verkondig dat Yahshua terugkom aarde toe en met Sy bruid kom trou. Hierdie bruid is die kerk. As ons hierdie evangelie toets aan die herstel van alle dinge, is daar geen koppeling tot die bruid en die Skepper nie. Vader het nie met Adam en Eva getrou en toe het hulle huwelik op die rotse geloop nie, maar Hy het aan Adam heerskappy oor die hele aarde gegee en Adam het dit verloor. Daar moet dus 'n koninkryk herstel word, nie 'n huwelik nie. So, as ek die toets doen op die kerk, dan beweeg daai metertjie nie – dit is dood, daar is niks. Wanneer die tweede Adam terugkom, dit is Yahshua, kom Hy self die heerskappy wat die eerste Adam verloor het, terugvat – dit is die evangelie. Ek kan dit toets op daai metertjie, want dit is wat moet gebeur.

Die heerskappy wat Vader vir Adam gegee het, het verlore gegaan en dit moet teruggekry word. Yahshua kom terug om die heerskappy terug te vat, nie om te trou nie. Hy kom op die wolke met die weermag van die hemele en sal elke mens op aarde dwing om Sy gesag te aanvaar. Elke knieg sal voor Hom buig. Hoekom? Want dit is wat verlore gegaan het. Die mens het in absolute rebellie gegaan. Die mens wil homself aanbid – Hy kom dit terugvat. Hy kom herstel dit wat in die Paradys was. Adam was onderdanig aan die Almagtige – hy het sy onderdanigheid verloor, dit is die groot sonde. Hy het gesê *nee, ek is nie onderdanig aan wat U sê nie, ek glo hierdie ou wat hier in die tuin rondloop.* Yahshua kom om dit te herstel. Ek sit my metertjie daarop en ek sien dit werk. Wanneer Yahshua terugkom, dan kom Hy Sy koninkryk met geweld vat, Hy kom nie om te trou nie.

1 Korinthiërs 15:22 Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word;
1 Korinthiërs 15:23 maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms.
1 Korinthiërs 15:24 Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.

Ek sien niks van 'n troue nie. Ek sien niks van 'n kerk nie. Hy moet as Koning heers, nie as Bruidegom nie. Hy moet as Koning heers totdat Hy al Sy vyande onder Sy voete gestel het. Hy gaan Koning word en Hy gaan die mense dwing om aan Hom gehoorsaam te wees. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood – daar is nie ‘n troue nie.

1 Korinthiërs 15:27 Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy *(die Vader)* uitgesonder is wat alles aan Hom *(die Seun)* onderwerp het.
1 Korinthiërs 15:28 En wanneer alles aan Hom *(Yahshua)* onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, *(hoekom?)* sodat God alles in almal kan wees.

Yahshua kom terug as 'n Soldaat, as ‘n Oorlogsman en Hy kom oorlog maak en Hy kom Homself hier Koning maak – Hy kom Sy koninkryk terugvat met geweld, daar gaan geweldig baie bloed vloei. Die bloed gaan tot aan die tooms van die perde kom, sê Openbaring. Van wat? Van die oorlog. Van die onderwerping van die mense op die aarde onder die gesag van Yahshua. Daar is nie ‘n troue nie. Pas dit in by die toets wat ons doen om te sien dit gaan die koninkryk herstel? Ja, dit gaan die skepping herstel. Ja dit gaan die Naam van God herstel. Die trou met die kerk? Daar is nie sprake van dit nie. Daar is nie 'n bruilof met Sy koms nie, daar is oorlog met Sy koms.

Openbaring 17:14 Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.

Saam wat doen? Oorlog voer – hulle is nie die bruid nie, hulle is mede-soldate. Hy kom as die Generaal en die Koning en hulle is mede-soldate. Hy gaan ook die natuur herstel na dit wat dit was voor die sondeval. So, Hy kom heerskappy vat. Hy kom Sy koninkryk met geweld vestig – Hy gaan sê *Ek is Koning, en as jy nie saamstem nie, gaan staan doer.* En almal wat doer staan, gaan Hy doodmaak. Daar gaan geen tweede opinie wees nie, want Hy is die Koning. Die eerste Adam was dit, maar hy was onsuksesvol, hy was mislei, die vyand het hom gewen. Die tweede Adam gaan nie onsuksesvol wees nie. Die tweede Adam is Yahshua self en Hy kom regeer soos wat die eerste Adam veronderstel was om te doen en Hy gaan ook die natuur herstel na wat dit wat dit veronderstel was om te wees met die skepping.

Jesaja 11:1 Maar daar sal ‘n takkie *(Yahshua)* uitspruit uit die stomp van Isai *(Isai is die pa van koning Dawid)*, en ‘n loot uit sy wortels sal vrugte dra;
Jesaja 11:2 en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.
Jesaja 11:3 En Hy het ‘n welgevalle aan die vrees van die HERE; en Hy sal nie regspreek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie;
Jesaja 11:4 maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak.
Jesaja 11:5 En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees.
Jesaja 11:6 Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en ‘n klein seuntjie sal hulle aanja.
Jesaja 11:7 Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os;
Jesaja 11:8 en die suigling speel by die gat van ‘n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van ‘n basilisk.

Kan ‘n wolf wei? Ken jy ‘n wolf? Dit het lang tande, dit wei nie saam met ‘n lam nie, dit eet ‘n lam. So, nou wat sê dit van hierdie evangelie? Dit maak nie sin nie, ons kan nie sien dat ‘n wolf kan wei nie, maar ek kan sien dat ‘n wolf ‘n lam kan eet – *kom ons verander hierdie vers, kom ons interpeteer dit dat ons dit anders kan verstaan. Kom ons vertaal nou sommer die Bybel sodat ons ‘n paar ander goed ook kan regmaak* – dit is wat ons doen, want dit maak nie vir ons sin nie. Kom ons toets dit met ons metertjie.

Génesis 1:30 Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin ‘n lewende siel is, *gee Ek al die groen plante as voedsel.* En dit was so.

Wow! Toe God die hemel en die aarde geskape het, het die koei en die beer saam gewei en hulle kleintjies het bymekaar gelê. Die leeu het gras geëet soos ‘n os, en dit was baie goed – dit is hoe dit was, maar toe gaan dinge verkeerd. Nou ken ons net verkeerd, die Bybel sê dit gaan terug na wat dit was, maar my verstand sê *dit kan nie wees nie, ‘n leeu kan nie strooi eet nie.* As God die strooi gemaak het en Hy het die leeu gemaak, kan Hy nie die leeu maak strooi eet nie? Hy kan. Wat is vir God onmoontlik? Niks. Dit was so, die leeu het nie die lam geëet nie, die vervloeking van die aarde het dit veroorsaak.

Yahshua kom nie terug om te trou nie, Hy kom Sy koninkryk vestig en Hy kom die natuur herstel. Daar gaan totale onderdanigheid aan die Almagtige se reëls wees, soos dit in die Paradys veronderstel was om te wees. Yahshua gaan die vervloekte aarde herstel. Dit gaan weer word soos dit moes wees – letterlik gaan Hy dit regmaak. Hy gaan kom op die wolke, Hy gaan Sy heerskappy met geweld vat, Hy gaan sy vyande vernietig – elke knieg gaan voor Hom buig en sê *U is die enigste Koning wat daar is.* Hy gaan die natuur herstel, die leeu gaan strooi eet. Binnekort sal jy na ‘n leeu toe kan stap en sy bek oopmaak en jy gaan sien daar is nie slagtande nie, hy eet strooi – hy is so gemaak van die begin af, hy het verander vir ses-duisend jaar, dit gaan terug na wat dit was.

Kom ons sit die toets-metertjie op díe vraag: wat is die doel van die kerk? Hoekom vra ek dit? Want ons almal is óf in die kerk, óf ons kom uit die kerk. Daar is bitter min mense wat nie daai pad van die kerk geloop het nie. Wat is die doel van die kerk? Die kerk is 'n menslike instelling en het geen deel aan die koninkryk van God nie, maar is 'n uitvloeiing van die Rooms-Katolieke Kerk. Ek sit die metertjie aan die kerk en hy reageer nie. Die kerk werk niks terug na die skepping om dit te herstel nie, dit doen nie, dit is 'n menslike instelling. Hoekom sê ek so? Dit het begin by die Roomse Kerk, dit het begin by Konstantyn. Wat het Konstantyn gedoen? Hy het die Pagan godsdiens wat in tempels gode aanbid het aangepas en dit het die kerk van vandag geword. Dit is nog daar, jy kan gaan kyk, dit staan daar in Rome. Dit het baie vertakkinge gekry – ons is almal in kerke en ons kom nie agter ons is gevang nie. Kerk was nie 'n instelling deur Vader nie, dit is 'n instelling deur Konstantyn. Ons lees wel van die gemeente van Christus, maar dit is slegs die samekoms van die heiliges en nie 'n organisasie met 'n geloofsbelydenis en rangordes nie. Kan ek staaf wat ek sê? Ek kan.

Exodus 12:6 En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand.

Moet die kerk dit eet, of is kerk en gemeente nie dieselfde ding nie? Ja, gemeente en kerk is nie dieselfde ding nie. Ons lees nie in die Bybel van 'n kerk nie. Ons lees van 'n gemeente, maar nie van 'n kerk nie. Waar kom ons aan die woord 'kerk'? Ons het dit by die Engelse gaan leer. Church. Waar kom die Engelse aan die woord church? Konstantyn, en dit was nie uit die Bybel nie. Toe James sy mense aangestel het om die Bybel in Engels te vertaal, was daar reeds 'n Engelse vertaling gewees. Daai vertaling het gepraat van gemeente - dit was so ses-honderd jaar voor die King James vertaling, maar daar was 'church' ook. 'Holy mother church' is die Roomse Kerk, en hy het gesê nee. Toe Yahshua die instelling gemaak het, het hulle nie gepraat van die kerk nie, hulle het gepraat van die gemeente – wat wat is? Die vergadering of samekoms van mense van uit Israel. Wat is 'n kerk? Dit is die 'holy mother church', dit is die Roomse Kerk. Die mense wat die vertaling namens King James moes doen, dit was baie, twee- of drie-honderd van hulle, sê toe *ons kan nie die woord gemeente inbring nie, dit gaan te vreemd op die mense se oor wees, kom ons gebruik die woord kerk, want almal verstaan dit* – en dit was 'n fout.

Toe die Afrikaanse vertaling gebeur het in 1933, het die Afrikaanse vertalers gesê *nee, ons gaan nie na die woord 'kerk' toe nie.* Ons moet dit weet, ons Afrikaanse vertalers het dit reg gedoen. Ons Afrikaanse Bybel is nie vertaal uit Engels nie, maar uit die oorspronklike taal en hulle het nie 'gemeente' verander na 'church' nie, maar hulle het gemeente gemeente gehou. Eklesia – dit het gemeente gebly. Ons lees gemeente en wat doen ons brein? Ons verander dit na kerk toe. In Exodus 12 het daar nie 'n kerk bestaan nie. Nie die Rooms-katolieke kerk nie, nie die NG kerk nie, nie die Protestantse kerk nie – niks nie, daar was nie 'n kerk nie, daar was net die Israeliete. Hulle samekoms was die gemeente genoem.

Númeri 14:5 Toe het Moses en Aäron op hulle aangesig geval voor die hele vergadering van die ***gemeente*** van die kinders van Israel.

Dit is nie 'n kerk nie, daar was nie 'n kerk nie, maar daar was 'n gemeente. Wat is 'n gemeente?

1 Konings 8:5 En terwyl koning Salomo en die hele by hom vergaderde ***gemeente*** van Israel saam met hom voor die ark staan, het hulle kleinvee en beeste geoffer wat vanweë die menigte nie getel of bereken kon word nie.

Hier is Salomo, hier is die hele vergadering en daar is 'n gemeente. Wat is die gemeente? Dit is 'n samekoms van daai mense.

Sefánja 3:9 Want dan sal Ek aan die volke rein lippe toebring, sodat hulle almal die Naam van die HERE sal aanroep en Hom met 'n eenparige skouer sal dien.
Sefánja 3:10 Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide ***gemeente***, my offerande bring.

Waar is Kus? Dit is Afrika. *Oorkant die riviere van Kus* – ons is aan die anderkant van die riviere van Kus – *sal my verstrooide **gemeente**, my offerande bring.* Is dit 'n verstrooide kerk? Watter kerk is dit dan? Watter kerk in ons land is verstrooi? Nie een van hulle nie – maar daar is 'n gemeente. Wie is hulle? Hulle is die wat skuiling vind by die Almagtige. En dan gaan ons Matthéüs 16 toe, en hier verander ons dit:

Matthéüs 16:18  En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my ***gemeente*** *(nie kerk nie)* bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

Waar kom die kerk vandaan? Dit is die Rooms-Katolieke Kerk wat verander het en aangepas het en takke gemaak het – vertakkings en aanpassings – en nou sit ons met duisende kerke. Hier in Matthéüs is 'n gemeente. Hy sê vir Petrus *op hierdie rots sal Ek my gemeente bou*. Wat is Sy gemeente? Dit is die samekoms van die Israeliete wat oorgegaan het van die koninkryk van duisternis na die koninkryk van lig. Hoe weet ek dit?

Handelinge 2:47  terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. *En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg **die wat gered is***.

Die gereddes is die gemeente. Hoekom? Want sodra jy gered is, word jy by die gemeente gevoeg. Hoe word jy gered? Jy word weer gebore. Hoe word jy weer gebore? Jy bekeer jou en jy laat jou doop en jy ontvang die Heilige Gees en jy is gered – en dan word jy deel van Sy gemeente. Nou sal mense vir my sê *maar dit is presies wat ons kerk doen* – nee, nee, nee, jy word deel van jou kerk as jy dit gedoen het. Die doop het met jou kerk nul uit te waai. Jy kan nie lid word van 'n kerk deur gered te word nie. Jy word lid van die gemeente van die liggaam van Christus. Hoe word jy lid van die kerk? Hulle stuur vir my 'n vorm en ek vul dit in en dan moet ek gedoop word, dan word ek 'n lid van die kerk. Hoe word ek lid van die liggaam van Christus, van die gemeente? Yahweh voeg daagliks by die gemeente die wat gered is. Kan ons mense deel maak van die liggaam? Nee, ons kan nie.

Die doel van die gemeente is dat die wat die Lam volg waar Hy ook al heengaan, onderlinge byeenkomste kan hê, sodat hulle mekaar kan bemoedig, mekaar kan leer, mekaar kan vermaan, mekaar kan vertroos, mekaar kan versterk en mekaar kan liefhê – dit is wat die gemeente doen. Die gemeente het nie rangordes nie, daar is net lede van die liggaam van Christus, en Hy is die Hoof van die gemeente.

Kolossense 1:17  En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand.
Kolossense 1:18  En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.

Die gemeente is die liggaam, die kerk is nie die liggaam nie. Die kerk is 'n menslike instelling. Hoekom is dit so belangrik? Want as jy in die kerk is, dink jy jy is in die liggaam, maar jy is nie – jy is in die kerk. Die liggaam is die liggaam, die gemeente is die liggaam, maar die kerk is iets anders. Solank jy in die kerk sit, dink jy jy is in die gemeente.

Die lede van die liggaam het ook verskillende bedieninge waarmee hulle mekaar bedien – dit is die doel van die liggaam. Wat doen ek?

Romeine 12:4  Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie,
Romeine 12:5  so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar.

Ons is lede van die liggaam van Christus, ons is nie lede van 'n organisasie nie. As iemand in 'n ander land hierdie boodskap lees en hy stem saam, hoef hy nie by 'n organisasie aan te sluit om deel te word van die liggaam van Christus nie. Hoe word hy deel van die liggaam van Christus? Hy word weer gebore en Vader voeg hom outomaties by, al bly hy in 'n ander land. Hy bly dalk in 'n land wat 'n ander taal praat, wat hy nie eens verstaan nie en hy ken niemand daar nie en hy kom nooit hier nie, hy is op sy eie – maar hy is deel van die liggaam as gevolg van sy siel wat gered is en Vader wat hom bygevoeg het.

Romeine 12:6  En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is:
Romeine 12:7  is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering;
Romeine 12:8  of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.

Met die einddoel van wat? Sodat ons almal behoue aankom by ons bestemming. Waar is dit? Terug in die Paradys, herstel. Is ons besig om 'n kerk te bou? Nee. Hoekom nie? Want die ou wat ‘n kerk bou is besig om te probeer werk aan 'n bruid vir die bruidegom – dit is nie wat ons moet doen nie. Ons moet mekaar onderskraag sodat ons saam oor hierdie wenstreep aan die anderkant kan uitkom, sodat Vader kan herstel wat verkeerd gegaan het. Dit is dus die doel van die gemeente in die herstel van die skepping wat verval het. Sien, die kerk het nie ‘n doel nie, want hy wil die bruid wees, maar daar is nie ‘n bruid nie.

Wat is die gemeente se doel? Adam se sonde het sy dood veroorsaak en saam met hom het sy hele nageslag gesterf. Yahshua sterf in hulle plek, sodat hulle kan leef. Nadat Hy opgestaan het, stuur Hy sy dissipels uit met die boodskap om vir sy verbondsvolk te gaan sê dat hulle God Hom met hulle versoen het en dat hulle hulle met hulle God moet versoen – hulle wat glo en hulle laat doop sal gered word, maar hulle wat nie glo nie sal verlore gaan – dit is die doel van die liggaam.

2 Korinthiërs 5:18 En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het...

Dít is wat die liggaam doen en dít is wat die gemeente doen. Nou sal mense sê *ja, maar dit is wat die kerk ook doen* – nee, dit is nie wat die kerk doen nie. Die kerk maak vir hulleself 'n klein koninkrykie hier op die aarde, *want ek doen alles vir my kerk* – gooi jou kerk in die see en gaan doen wat vir jou gesê was. Wat is vir jou gesê?

2 Korinthiërs 5:19 naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.

Dit is die woord van die versoening. Jy gaan nie vir die uitbreiding van jou kerk nie – jy gaan om te sê *God het Hom met my versoen, nou moet ek my met God versoen*.

2 Korinthiërs 5:20 Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen.

Wat gebeur as ons daai evangelie verkondig? Dit wat verkeerd gegaan het in die Paradys word herstel. Die kerk het 'n ander doel waarvan hierdie boodskap 'n klein deeltjie uitmaak. Die groter doel van die kerk is egter nie 'n opdrag van God nie en veroorsaak dat mense dan meeste van hulle tyd spandeer aan dinge wat min tot geen waarde, het nie. Die kerk het geen waarde nie, behalwe dat dit 'n bevrediging van die vlees is. Weereens, meeste sal sê *maar, ons doen goeie studies daar* – jy kan dit doen sonder die kerk. Haal die kerk uit, die kerk vat 80% van die tyd en 80% van die spasie wat onnodig is – raak ontslae van die kerk, doen wat God vir jou gesê het om te doen sonder dit en jy gaan baie meer produktief wees en jy gaan nie mislei word deur 'n kerk nie. Alle kerke mislei, want almal het dogma – almal sê *hier is die waarheid volgens my kerk*. Ontmoet God self en sien wat is Sy waarheid.

*Rom 11:33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!*
*Rom 11:34 Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?*
*Rom 11:35 Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?*
*Rom 11:36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*